

# DANIËL

## Inleiding

Die naam van die boek is ontleen aan die hooffiguur, Daniël. In die Hebreeuse Bybel en Joodse kanon is die boek *Daniël* by die Geskifte gegroepeer, ná *Ester* en voor *Esra* en *Nehemia*. In die Septuagint is *Daniël* egter opgeneem as een van die profeteboeke, en in die Protestantse kanon is dit ook die geval.

Die skrywers of samestellers van die boek, is onbekend. 'n Deel van die boek is in Aramees geskryf (Dan 2:4 — 7:28), wat tot die gevolgtrekking lei dat die boek 'n samestelling is van tekste uit verskillende tye. Die vertellings in Daniël 1 tot 6, in hulle oorspronklike vorm, is waarskynlik heelwat ouer as die apokaliptiese deel met vier visioene of gesigte oor die toekoms in Daniël 7 tot 12. Verskillende sake in die boek dui daarop dat die finale samesteller bekend was met gebeure in Jerusalem in die tyd van Antiogus IV, wat van 175 tot 164 vC die maghebber oor Judea was, en wat homself as goddelik beskou het.

Die eerste lesers van die boek in sy huidige vorm, sou van die vroom Jode in Judea gewees het, waarskynlik kort ná die dood van Antiogus IV.

Die boek is noukeurig saamgestel en bestaan uit prosa met kort poëtiese dele, versprei oor verskillende hoofstukke (bv Dan 2:20-23). *Daniël* is, naas enkele kort dele in ander boeke (bv Jes 24 — 27; Eseg 38 — 39) die enigste apokaliptiese geskrif in die Ou Testament. In die apokaliptiek word, in plaas van “gewone taal”, simbole, getalle of beeldspraak as geheime kode gebruik om die boodskap oor te dra. Die vertellings in Daniël 1 — 6 bestaan uit afwisselende heldeverhale (Dan

1, 3 en 6) en uitlegverhale (Dan 2, 4 en 5) waarin drome en die uitleg daarvan 'n belangrike rol speel. In Daniël 7 — 12 kom vier visioene voor. Hierdie visioene vertoon dieselfde struktuur, naamlik 'n opskrif met 'n historiese berig, 'n beskrywing van die visioen, uitleg van die visioen deur 'n engel wat die geheim openbaar, en 'n slot met 'n persoonlike berig en 'n opdrag tot geheimhouding.

Bybelse apokaliptiek huldig die beskouing dat orde van God af kom en dat die mens se lewe aan God se orde gebonde is. As die mens volgens hierdie orde leef, is daar beloning, maar as daarvan afgewyk word, is daar straf. Daniël en sy vriende leef volgens God se eise of orde, en word daarvoor beloon met eer en rykdom, terwyl die Babiloniërs soos Nebukadnesar en Belsasar telkens vanweë hulle hoogmoed en afgodery gestraf is.

Die boek verkondig 'n boodskap van hoop te midde van wanhoop wat in tye van vervolging kan posvat. Die kwaad het nie die laaste woord in die geskiedenis van die wêreld nie, al versleg toestande algaande. Die geskiedenis is in God se hand, en gelowiges kan die vaste vertrouwe koester dat Hy eenmaal in die toekoms 'n einde sal maak aan alle tirannie.

*Daniël* kan soos volg ingedeel word:

### 1 — 6 Vertellings

1:1-21 Daniël se standvastigheid

2:1-49 Nebukadnesar se droom

3:1-30 Drie manne in die vuuroond

4:1-37 Nebukadnesar se belydenis

5:1-30 Skrif aan die muur

6:1-29 Daniël in die leeukuil

7 — 12 Visioene / Gesigte

7:1-28 Visioen van die vier diere

8:1-27 Visioen van die ramme

9:1-27 Daniël se gebed

10:1 — 12:13 Verdere visioene

# 1

## Daniël se standvastigheid

<sup>1</sup> \*In die derde jaar van die regering van Jojakim, die koning van Juda, het Nebukadnesar, die koning van Babel, na Jerusalem gekom en dit beleër. <sup>2</sup> Die Heer het Jojakim, die koning van Juda, en ook 'n deel van die voorwerpe in die huis van God in sy hand oorgegee. Hy het dit na die land Sinar,<sup>a</sup> na die tempel van sy gode geneem — die voorwerpe het hy na die skatkamer van sy gode geneem.

<sup>3</sup> \*Die koning het Aspenas, die hoof van sy paleispersoneel,<sup>b</sup> toe aangesê om uit die Israëliete, uit die koninklike familie en die vernames, <sup>4</sup> jong seuns te bring

aan wie daar nie enige

liggaamsgebrek is nie,

wat 'n goeie voorkoms het,

wat insig in alle soorte wysheid het,

wat oor kennis en goeie

oordeelsvermoë beskik,

---

\***1:1-2** 2 Kon 24:1,13; 2 Kron 36:6-7; Dan 5:2

<sup>a</sup>**1:2 Sinar:** Dit verwys hier na Babilonië. In al die ander gevalle verwys die naam na Mesopotamië, wat Babilonië en Assirië insluit.

\***1:3** 2 Kon 20:18; Jes 39:7

<sup>b</sup>**1:3 paleispersoneel:** Belangrike amptenare aan die koninklike hof. Indien hulle in die harem van die koning moes werk, was hulle gewoonlik ontmande persone.

en wat in staat is om in die paleis  
van die koning te dien,  
en in die skrif en taal  
van die Galdeërs  
onderrig te word.

<sup>5</sup> Vir hulle het die koning, volgens die vereistes van elke dag, van die koning se kos en van die wyn wat hy gedrink het, voorgeskryf, sodat hulle vir drie jaar lank opgevoed kon word om aan die einde daarvan in diens van die koning te kan staan.

<sup>6</sup> Onder hulle was daar van die Judeërs — Daniël, Gananja, Misael en Asarja. <sup>7</sup> \*Maar die hoë amptenaar van die paleis personeel het hulle name vervang: Daniël het hy Beltsasar, Gananja het hy Sadrag, Misael het hy Mesag, en Asarja het hy Abednego genoem.

<sup>8</sup> \*Daniël was egter vas van voorneme dat hy homself nie sou besoedel met die koning se kos en die wyn wat die koning gedrink het nie. Hy het toe die hoë amptenaar van die paleis personeel vergunning gevra dat hy homself nie hoef te besoedel nie. <sup>9</sup> \*God het gesorg dat daar by die hoë amptenaar van die paleis personeel 'n goeie gesindheid en ontferming was teenoor Daniël. <sup>10</sup> Die hoë amptenaar van die paleis personeel het egter vir Daniël gesê: “Ek is bang vir my heer die koning, wat vir julle kos en drank voorgeskryf het. Waarom moet hy sien dat julle gesigte maerder is as dié van die ander jong seuns van julle ouderdom? Julle sal maak dat die koning my kop eis.”

<sup>11</sup> Daniël sê toe vir die oppasser wat die hoë amptenaar van die paleis personeel oor hom, Daniël, en oor Gananja, Misael en Asarja

---

\*1:7 2 Kon 23:34; Dan 4:8

\*1:8 Lev 11:4-47; Eseg 4:13-14

\*1:9 Gen 39:21; Spr 16:7

aangestel het: <sup>12</sup>\*“Toets asseblief u dienaars tien dae lank. Hulle moet ons van die groente gee, sodat ons dit eet, en water, sodat ons dit drink. <sup>13</sup> Laat dan in u teenwoordigheid ons voorkoms en die voorkoms van die ander jong seuns wat die koning se kos eet, nagegaan word. Handel dan met u dienaars volgens wat u sien.”

<sup>14</sup> Hy het na hulle geluister wat hierdie saak betref, en hulle tien dae lank getoets. <sup>15</sup> Aan die einde van die tien dae was hulle voorkoms beter en het hulle liggame voller vertoon as al die jong seuns wat die koning se kos bly eet het. <sup>16</sup> Die oppasser het toe hulle kos en die wyn wat hulle moes drink, weggeneem en vir hulle groente bly gee.

<sup>17</sup>\* En hierdie jong seuns, hulle vier — aan hulle het God oordeelsvermoë gegee, en ook insig in allerlei geskrifte en wysheid. Daniël kon alle visioene en drome begryp. <sup>18</sup> Aan die einde van die tydperk wat die koning bepaal het dat hulle ingebring moes word, het die hoë amptenaar van die paleis personeel hulle voor Nebukadnesar gebring. <sup>19</sup>\* Die koning het met hulle gepraat, en onder hulle almal is daar niemand gevind soos Daniël, Gananja, Misael en Asarja nie. Hulle het by die koning in diens getree. <sup>20</sup> En in verband met enige saak wat wysheid en insig geverg het waaroor die koning hulle uitgevra het, het hy hulle tien maal beter gevind as al die waarsêerpriesters en goëlaars in sy hele koninkryk.

<sup>21</sup> Daniël was daar tot die eerste regeringsjaar van koning Kores.<sup>c</sup>

---

\* **1:12,14** Op 2:10

\* **1:17** Gen 41:12; 1 Kon 3:10-12,28; Dan 2:19,30; 7:1; 9:23; 10:1; Jak 1:5

\* **1:19-20** Gen 41:37-39; Dan 2:2,27

<sup>c</sup>**1:21 Kores:** Persiese koning wat Babel ingeneem het; vgl Dan 6:29.

## 2

### Nebukadnesar se droom

<sup>1</sup> \*In die tweede jaar van Nebukadnesar se regering het Nebukadnesar drome gedroom. Sy gees was ontsteld, en sy slaap was daarmee heen.<sup>d</sup>

<sup>2</sup> \*Die koning gee toe opdrag dat die waarsêerpriesters, goëlaars, towenaars en Galdeërs<sup>e</sup> ontbied word om vir die koning sy drome uit te lê. Hulle het gekom en voor die koning gaan staan.

<sup>3</sup> Die koning het vir hulle gesê: “Ek het 'n droom gehad, en my gees is ontsteld daarvoor om te weet wat die droom was.” <sup>4</sup> \*Die Galdeërs sê toe vir die koning (Aramees):<sup>f</sup> “O koning, leef vir ewig! Vertel die droom vir u dienaars, dan sal ons die uitleg gee.” <sup>5</sup> \*Die koning antwoord en sê toe vir die Galdeërs: “Die saak staan vas by my. As julle nie aan my die droom en sy uitleg bekend kan maak nie, sal julle ledemate afgekap word, en van julle huise sal vullishope gemaak word. <sup>6</sup> \*As julle egter die droom en sy uitleg bekend maak, sal julle geskenke, belonings en groot eer van my ontvang. Daarom, maak nou die droom en sy uitleg bekend.”

---

\*2:1 Gen 40:8,16; 41:8; Est 6:1; Dan 2:3; 4:5,10; 7:1

<sup>d</sup>2:1 sy slaap ... heen: Letterlik ‘en sy slaap het gebeur oor hom’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Dit word ook vertaal: “maar sy slaap het hom oorval”.

\*2:2 Jes 47:13; Dan 2:27; 4:7; 5:7,11

<sup>e</sup>2:2 Galdeërs: Die Galdeërs was bekend as sterrewiggelaars.

\*2:4 2 Kon 18:26; Esra 4:7; Jes 36:11; Dan 3:9; 5:10

<sup>f</sup>2:4 Aramees: Die woord “Aramees” in die bronteks dui aan dat die volgende deel, Dan 2:4 — 7:28, in Aramees geskryf is. Dit was vanaf die Persiese tyd die diplomatieke taal in 'n deel van die Ou Nabye Ooste.

\*2:5 Esra 6:11; Dan 3:29

\*2:6 Dan 5:7,16

<sup>7</sup> Hulle het 'n tweede keer geantwoord en gesê: “Die koning moet die droom vir sy dienaars vertel, dan sal ons die uitleg gee.” <sup>8</sup> Daarop antwoord die koning en sê: “Ek weet sonder twyfel dat julle probeer tyd wen, omdat julle gesien het dat die saak by my vasstaan, <sup>9</sup> en dat, as julle aan my nie die droom bekend kan maak nie, net een wet vir julle geld! Gevolglik het julle oor 'n vals en leuenagtige verklaring ooreengekom, om dié aan my oor te dra, totdat die tyd gunstiger is.<sup>8</sup> Daarom, vertel vir my die droom! Ek sal dan weet of julle sy uitleg aan my bekend kan maak.”

<sup>10</sup> \*Die Galdeërs het in die teenwoordigheid van die koning geantwoord en gesê: “Daar is nie 'n mens op aarde wat in staat is om aan die koning se versoek te voldoen<sup>h</sup> nie. Daarom het nog geen koning, hoe groot en magtig ook al, so iets van enige waarsêerpriester of towenaar of Galdeër gevra nie. <sup>11</sup> Die saak wat die koning verlang, is moeilik, en daar is niemand wat dit vir die koning kan uitlê nie, behalwe die gode, wie se woning nie by sterflinge is nie.”

<sup>12</sup> Hieroor het die koning hom vererg, en hy was baie kwaad. Hy gee toe bevel dat al die wyses van Babel om die lewe gebring moet word.

<sup>13</sup> Die bevel is uitgevaardig: “Die wyses moet doodgemaak word!” Hulle soek toe ook Daniël en sy metgeselle om hulle dood te maak. <sup>14</sup> Daarop het Daniël met raad en goeie oordeel gereageer teenoor Ariog, die aanvoerder van die koning se lyfwag,<sup>i</sup> wat uitgetrek het om die wyses van Babel dood te maak. <sup>15</sup> \*In sy reaksie het hy vir Ariog, die

---

<sup>8</sup>**2:9 gunstiger is:** Letterlik ‘verander het’.

\***2:10-11** Dan 2:27; 4:7; 5:8,11-12,14

<sup>h</sup>**2:10 om ... voldoen:** Letterlik ‘om die saak van die koning te verklaar’.

<sup>i</sup>**2:14 aanvoerder ... lyfwag:** Letterlik ‘hoof van die koning se kokke’. Dit dui 'n vertroueling van die koning aan wat ook namens hom kon optree.

\***2:15** Vgl Dan 3:22

gevolmagtigde van die koning, gevra: “Waarom is die bevel van die kant van die koning dan so streng?” Daarop het Ariog die saak aan Daniël verduidelik, <sup>16</sup> waarna Daniël ingegaan en vir die koning gevra het dat tyd aan hom gegun moes word om die uitleg van die droom<sup>j</sup> aan die koning bekend te maak. <sup>17</sup>\* Toe het Daniël na sy huis gegaan en die saak aan sy metgeselle Gananja, Misael en Asarja meegedeel, <sup>18</sup>\* sodat hulle om ontferming kon pleit by die God van die hemel oor hierdie geheim, en Daniël en sy metgeselle nie om die lewe gebring sou word saam met die res van die wyses van Babel nie.

<sup>19</sup>\* Aan Daniël is die geheim toe in 'n nagtelike visioen geopenbaar, waarop Daniël die God van die hemel geprys het. <sup>20</sup>\* Daniël het in sy reaksie gesê:

“Mag die Naam van God  
van ewigheid tot ewigheid  
geprys word,

Hy aan wie die wysheid  
en mag behoort!

<sup>21</sup>\* Hy verander tye en tydperke;  
Hy sit konings af  
en stel konings aan.

Hy gee wysheid aan wyses  
en kennis aan wie insig het.

---

<sup>j</sup>**2:16 van die droom:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\***2:17** Dan 1:6

\***2:18** Jer 33:3; Mal 3:18

\***2:19** Num 12:6; Job 33:15-16; Dan 2:30; 8:26

\***2:20** Neh 9:5; Job 12:13; Ps 113:2; 115:18

\***2:21** Job 12:17-18; Dan 4:17; Rom 13:1; Jak 1:5



<sup>22</sup> \*Hy openbaar dit wat diep  
en verborge is;

Hy weet wat in die duisternis is.

Die lig is by Hom tuis.

<sup>23</sup> \*U, die God van my voorouers,  
verheerlik en loof ek;

want U het my wysheid

en krag gegee,

en nou aan my bekend maak

wat ons van U afgesmeek het —

die saak van die koning

het U aan ons

bekend maak.”

<sup>24</sup> Daarop het Daniël ingegaan na Ariog, vir wie die koning aangestel het om die wyses van Babel om die lewe te bring. Hy het so vir hom gesê: “Moenie die wyse manne van Babel om die lewe bring nie; bring my voor die koning, dan sal ek vir die koning die uitleg gee.” <sup>25</sup> Ariog het toe in groot haas vir Daniël voor die koning gebring en so vir hom gesê: “Ek het 'n man gevind onder die ballinge van Juda wat die uitleg aan die koning bekend kan maak.”

<sup>26</sup> Die koning het daarop geantwoord deur vir Daniël, wie se naam Beltsasar\* was, te sê: “Is jy in staat om die droom wat ek gehad het en sy uitleg aan my bekend te maak?” <sup>27</sup> Daniël het in die teenwoordigheid van die koning geantwoord en gesê: “Die geheim waaroor die koning navraag doen, kan die wyses, towenaars, waarsêerpriesters en

---

\*2:22 Job 12:22; Dan 2:47; Joh 1:4-5,9; 1 Joh 1:5

\*2:23 Deut 26:7; Dan 1:17

\*2:26 **Beltsasar:** Dan 1:7

voorspellers nie vir die koning uitlê nie. <sup>28</sup> \*Daar is egter 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het aan u, <sup>k</sup> koning Nebukadnesar, bekend gemaak wat aan die einde van die dae sal gebeur. U droom, die visioene in u kop terwyl u in u bed was, is die volgende: <sup>29</sup> U, o koning — u gedagtes wat in u bed by u opgekom het, gaan oor wat hierna sal gebeur. Hy wat geheime openbaar, het aan u bekend gemaak wat sal gebeur. <sup>30</sup> \*En wat my betref, hierdie geheim is aan my geopenbaar, nie deur wysheid wat by my meer sou wees as by al die lewendes nie, maar ter wille daarvan dat die uitleg aan die koning bekend gemaak sal word, en u die gedagtes van u hart kan ken. <sup>31</sup> \*U, o koning, het 'n visioen gehad: Kyk, daar was 'n groot beeld. Hierdie beeld was groot, en sy glans buitengewoon. Dit het voor u gestaan; die voorkoms daarvan was vreesaanjaend. <sup>32</sup> Hierdie beeld — sy kop was van die beste goud, sy bors en arms was van silwer, sy maag en heupe van koper, <sup>33</sup> sy bene van yster, sy voete deels van yster en deels van klei. <sup>34</sup> \*U het nog gekyk, toe daar 'n klip vanself losbreek, nie deur die toedoen van mensehande nie. Dit het die beeld teen sy voete van yster en klei getref en verpletter. <sup>35</sup> \*Daarop is die yster, koper, silwer en goud saam verpletter, en dit het geword soos kaf vanaf die dorsvloere in die somer. Die wind het dit weggewaai, en geen spoor daarvan kon gevind word nie. Maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot berg geword en die hele aarde gevul. <sup>36</sup> Dit was die droom, en oor die uitleg daarvan sal ons nou voor

---

\***2:28-29** Gen 41:16; Dan 10:14; Matt 24:6; Luk 21:9; Op 1:1,19; 4:1; 22:6

<sup>k</sup>**2:28 u:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\***2:30** Dan 2:19; Am 4:13; Hand 3:12

\***2:31-45** Vgl Dan 7:3-4

\***2:34** Ps 2:9; Dan 2:45; Matt 21:44; Luk 20:18

\***2:35** Ps 1:4; Jes 2:2; 17:13; 41:15-16

die koning praat. <sup>37</sup> \*U, o koning, is die koning van die konings aan wie die God van die hemel die koningskap, die mag, die krag en eer gegee het. <sup>38</sup> Ja, waar ook al mense, die diere van die veld en die voëls van die hemel woon, het Hy hulle in u hand gegee. Hy het u as heerser oor hulle almal aangestel. U is die kop van goud. <sup>39</sup> Ná u sal 'n ander koninkryk tot stand kom, geringer as u s'n, dan 'n ander, derde koninkryk van koper, wat oor die hele aarde sal heers. <sup>40</sup> \*Die vierde koninkryk sal so sterk soos yster wees. Omdat yster alles verpletter en vermorsel, sal hierdie koninkryk, soos yster wat vergruis, al daardie ander verpletter en vergruis. <sup>41</sup> Dat u gesien het dat die voete en tone deels van pottebakkersklei en deels van yster is, dui op 'n verdeelde koninkryk. Van die bestendigheid van die yster sal daarin wees, want u het die yster gemeng met die klam klei gesien. <sup>42</sup> En die tone van die voete wat deels van yster en deels van klei is — 'n deel van die koninkryk sal sterk wees, en 'n deel daarvan sal breekbaar wees. <sup>43</sup> \*Dat u die yster gemeng met die klam klei gesien het, dui daarop dat die mense deur ondertrouery vermeng sal raak.<sup>1</sup> Hulle sal egter nie vanself aan mekaar vaskleef nie, net soos yster nie met klei meng nie. <sup>44</sup> \*In die tyd van daardie konings sal die God van die hemel 'n koninkryk vestig wat vir ewig nie vernietig sal word of aan 'n ander volk oorgelaat sal word nie. Hierdie koninkryk sal al daardie ander verpletter en tot 'n einde bring, en dit sal standhou vir ewig. <sup>45</sup> U het daarom gesien dat 'n klip uit die berg vanself losbreek, nie deur die toedoen van mensehande

---

\*2:37-40 Jer 27:6-7; 28:14; Eseg 26:7-12; vgl Dan 7:3-7,17; Judit 11:7

\*2:40-41 Dan 2:3; 7:7

\*2:43 Dan 11:6,17

<sup>1</sup>2:43 mense ... raak: Letterlik 'hulle sal deur die nasate van mense vermeng raak'.

\*2:44-45 Jes 9:6; Dan 7:14,27; Matt 21:44; Luk 20:18; 1 Kor 15:24; Op 11:15

nie, en dat dit die yster, koper, klei, silwer en goud verpletter. 'n Groot God het aan die koning bekend gemaak wat hierna gaan gebeur.\* Die droom is waar en die uitleg daarvan is betroubaar.”

<sup>46</sup>\*Daarop het koning Nebukadnesar neergeval met sy gesig teen die grond en aan Daniël eer betoon.<sup>m</sup> Hy het opdrag gegee dat 'n •graanoffer en offers met 'n aangename geur aan hom gebring moet word. <sup>47</sup>\*Die koning het in sy reaksie vir Daniël gesê: “Sowaar, julle God, Hy is die God van die gode en die Heer van die konings en die een wat geheime openbaar, want jy kon hierdie geheim openbaar.”

<sup>48</sup>\*Die koning het Daniël toe in 'n hoë pos aangestel en aan hom baie groot geskenke gegee. Hy het hom as heerser aangestel oor die hele provinsie Babel, en as landvoog bo al die wyses van Babel. <sup>49</sup>\*Daniël het 'n versoek tot die koning gerig, en dié het toe vir Sadrag, Mesag en Abednego aangestel oor die administrasie van die provinsie Babel. Daniël het egter in die koninklike hof aangebly.

### 3

#### Drie manne in die vuuroond

<sup>1</sup>\*Koning Nebukadnesar het 'n beeld van goud gemaak. Die hoogte was sestig el en die breedte ses el.<sup>n</sup> Hy het dit opgerig in die vlakte van Dura

---

\*2:45 'n Groot ... gebeur: Op 1:1,9; 4:1; 22:6

\*2:46 Hand 14:13,18

<sup>m</sup>2:46 eer betoon: Die persoon staan op sy knieë en buig vooroor met sy gesig teen die grond.

\*2:47 Deut 10:17; Ps 50:1; 1 Kor 14:25; Op 17:14; 19:16

\*2:48 Dan 5:11,29

\*2:49 Dan 1:7; 3:12

\*3:1 Jes 46:6-8; Jer 16:19-20

<sup>n</sup>3:1 60 ... 6 el: Ongeveer 27 x 2,7 m; •Lengtemate.

in die provinsie Babel. <sup>2</sup> Koning Nebukadnesar ontbied toe die satrape,<sup>o</sup> landvoogde, streeksgoewerneys, raadgewers, skatmeesters, regters en amptenare,<sup>p</sup> ja, al die hoë amptenare van die provinsies, om na die wydingsgeleentheid van die beeld wat koning Nebukadnesar opgerig het, te kom. <sup>3</sup> Die satrape, landvoogde, streeksgoewerneys, raadsmanne, skatmeesters, regters en amptenare, ja, al die hoë amptenare van die provinsies het toe byeengekom vir die wydingsgeleentheid van die beeld wat koning Nebukadnesar opgerig het. Hulle het voor die beeld wat Nebukadnesar opgerig het, gaan staan. <sup>4</sup> \*Daarna het 'n herout<sup>q</sup> hardop uitgeroep: “Julle word beveel, volke, nasies en taalgroepe: <sup>5</sup> \*Sodra julle die geluid hoor van die horing, rietfluit, siter, lier<sup>r</sup> en harp,<sup>s</sup> in harmonie,<sup>t</sup> ja, al die musiekinstrumente, moet julle neerval en eer betoon<sup>u</sup> aan die goue beeld wat koning Nebukadnesar opgerig het. <sup>6</sup> \*Wie ook al nie neerval en eer betoon nie, sal dadelik binne-in die vlamme vuuroond gegooi word.”

---

<sup>o</sup>**3:2 satrape:** 'n Oud-Persiese woord wat die verteenwoordigers van die koning in die provinsies van sy ryk aandui.

<sup>p</sup>**3:2 amptenare:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die woord in die •bronteks.

\***3:4** Op 10:11

<sup>q</sup>**3:4 herout:** Doen alle aankondigings namens die koning.

\***3:5-6** Matt 4:9; 13:42,50; Op 13:15

<sup>r</sup>**3:5 lier:** 'n Driehoekige snaarinstrument met vier snare.

<sup>s</sup>**3:5 harp:** 'n Driehoekige snaarinstrument met 'n klankbord.

<sup>t</sup>**3:5 in harmonie:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. In die •Aramees word 'n leenwoord uit Grieks gebruik wat verband hou met die woord ‘simfonie’. Word ook vertaal: “dubbelfluit” of “doedelsak”.

<sup>u</sup>**3:5 eer betoon:** Die persoon staan op sy knieë en buig vooroor met sy gesig teen die grond.

\***3:6,11** Jer 29:22

<sup>7</sup> Daarom, die oomblik toe al die volke die geluid hoor van die horing, rietfluit, siter, lier en harp, ja, al die musiekinstrumente, het al die volke, nasies en taalgroepe neergeval en eer betoon aan die goue beeld wat koning Nebukadnesar opgerig het. <sup>8</sup> \*Juis op daardie oomblik het Galdese manne na vore getree en die Jode aangekla.<sup>v</sup> <sup>9</sup> \*Hulle praat toe en sê vir koning Nebukadnesar: “O koning, leef vir ewig! <sup>10</sup> \*U, o koning, u het 'n bevel uitgevaardig dat elke mens wat die geluid van die horing, rietfluit, siter, lier en harp in harmonie, ja, al die musiekinstrumente, hoor, moet neerval en aan die goue beeld eer betoon. <sup>11</sup> En wie ook al nie neerval en eer betoon nie, sal binne-in die vlamme vuuroord gegooi word. <sup>12</sup> \*Daar is Joodse manne, Sadrag, Mesag en Abednego, vir wie u oor die administrasie van die provinsie Babel aangestel het. Hierdie manne het hulle nie aan u bevel, o koning, gesteur nie. Hulle dien nie u gode nie en betoon nie eer aan die goue beeld wat u opgerig het nie.”

<sup>13</sup> \*Toe het Nebukadnesar, rasend van woede, beveel dat Sadrag, Mesag en Abednego gehaal moet word. Hierdie manne is toe voor die koning gebring. <sup>14</sup> Nebukadnesar het begin deur vir hulle te sê: “Is dit regtig so, Sadrag, Mesag en Abednego, dat julle my gode nie dien nie en aan die goue beeld wat ek opgerig het, nie eer betoon nie? <sup>15</sup> \*Nou, as julle bereid is om, sodra julle die geluid hoor van die horing, rietfluit, siter, lier en harp, in harmonie, ja, al die musiekinstrumente, neer te val en

---

\***3:8** Esra 4:12-16; Est 3:8-9; Dan 6:13-14

<sup>v</sup>**3:8 aangekla:** Die Aramese idioom kan vertaal word: “se stukke geëet”.

\***3:9** Dan 2:4

\***3:10,15** Dan 3:5; 6:12; Matt 4:9; Op 13:15

\***3:12** Est 3:3; Dan 2:49; 6:13

\***3:13** Dan 2:12

\***3:15** Eks 5:2; 2 Kon 18:34-35; Jes 36:18-20

aan die beeld wat ek gemaak het, eer te betoon, goed en wel.<sup>w</sup> Maar as julle nie eer betoon nie, sal julle dadelik binne-in die vlamme vuuroond gegooi word. Wie is die god wat julle dan uit my hand sal red?”<sup>16</sup> Sadrag, Mesag en Abednego het geantwoord en vir koning Nebukadnesar gesê: “Ons het nie nodig om oor hierdie saak aan u 'n antwoord te gee nie.<sup>17</sup> \* As ons God wat ons dien ons kan red uit die vlamme vuuroond en uit u hand, o koning, sal Hy ons red.<sup>18</sup> \* Indien nie, laat dit dan aan u bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie, en aan die goue beeld wat u opgerig het, nie eer sal betoon nie.”

<sup>19</sup> Nebukadnesar was toe buite homself van woede<sup>x</sup> en sy gesigsuitdrukking het verander teenoor Sadrag, Mesag en Abednego. Hy het daarop geantwoord deur bevel te gee dat die oond verhit moes word sewe maal meer as wat aanvaarbaar was om dit te verhit.<sup>20</sup> Hy het manne, die sterkste manne in sy leër, beveel om Sadrag, Mesag en Abednego vas te bind en in die vlamme vuuroond te gooi.<sup>21</sup> Hierdie manne is toe met hulle klere aan, in hulle mantels, broeke en tulbande,<sup>y</sup> vasgebind en binne-in die vlamme vuuroond gegooi.<sup>22</sup> As gevolg van die streng opdrag van die koning en die oond wat uitermate verhit was, het die vlamme van die vuur daardie manne wat vir Sadrag, Mesag en Abednego opgetel het, doodgebrand.<sup>23</sup> \* Maar hierdie drie manne,

---

<sup>w</sup>**3:15 goed en wel:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel. In die bronteks is daar 'n ellips.

\***3:17** Deut 4:20; Ps 66:12; Jes 43:2

\***3:18** Eks 20:3-5; Jos 24:15

<sup>x</sup>**3:19 buite ... woede:** Die Aramese idioom kan vertaal word: “volgemaak met woede”.

<sup>y</sup>**3:21 tulbande:** 'n Lang strook materiaal wat verskeie kere op 'n sekere manier om die kop gedraai en ingevou is. Dit kon soos 'n hoed opgesit en afgehaal word.

\***3:23-25** Jes 43:2

Sadrag, Mesag en Abednego, het vasgebind binne-in die vlamme vuuroond geval.

<sup>24</sup> Toe skrik koning Nebukadnesar, spring vervaard op en vra vir sy raadsmanne: “Het ons nie drie manne binne-in die vuuroond gegooi terwyl hulle vasgebind was nie?” Hulle antwoord toe en sê vir die koning: “Ja, beslis, o koning!”, <sup>25</sup> waarop hy toe antwoord en sê: “Kyk! Ek sien vier manne los rondstap binne-in die vuuroond, en daar is geen letsel aan hulle nie; en die vierde se voorkoms is soos dié van ’n godeseun.”

<sup>26</sup> Daarop gaan Nebukadnesar nader na die opening van die vlamme vuuroond en sê toe: “Sadrag, Mesag en Abednego, diensknegte van die Allerhoogste God,\* kom uit en kom hier!” Toe kom Sadrag, Mesag en Abednego reg uit die vuuroond. <sup>27</sup> \*Die satrape, landvoogde, streeksgoewerneys en raadsmanne van die koning het byeengekam en merk toe aan hierdie manne dat die vuur nie mag gehad het oor hulle liggame nie, dat die hare op hulle koppe nie geskroei was nie, dat hulle mantels nie verander het nie, en dat daar geen brandreuk aan hulle was nie. <sup>28</sup> \*Nebukadnesar het daarop gereageer en gesê: “Die God van Sadrag, Mesag en Abednego moet geprys word, wat sy engel gestuur en sy diensknegte gered het — hulle wat op Hom vertrou het, die bevel van die koning verontagsaam en hulle liggame op die spel geplaas het, omdat hulle geen ander god behalwe hulle God sou dien en vereer nie. <sup>29</sup> ’n Bevel word deur my uitgevaardig dat enige volk, nasie en taal wat iets godslasterliks sê teen die God van Sadrag, Mesag en Abednego, se ledemate afgekap sal word en sy huis in ’n vullishoop omskep sal word. Want daar is nie ’n ander

---

\*3:26 Allerhoogste God: Dan 4:2; 5:18,21

\*3:27 Heb 11:34

\*3:28-29 Dan 2:5,47; 4:37; 6:27-28



god wat so kan verlos nie.”

<sup>30</sup> Daarna het die koning Sadrag, Mesag en Abednego voorspoed laat beleef in die provinsie Babel.

## 4

### Nebukadnesar se belydenis

<sup>1</sup> <sup>z</sup>“Koning Nebukadnesar aan alle volke, nasies en taalgroepe wat op die hele aarde woon: Mag julle vrede groot wees!

<sup>2</sup> “Dit is vir my goed om die tekens en wonders wat die Allerhoogste God aan my gedoen het, openlik bekend te maak.

<sup>3</sup> “Sy tekens —

hoe groot is hulle nie,

en sy wonders —

hoe magtig is hulle nie!

Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk,

en sy heerskappy

is van geslag tot geslag.

<sup>4</sup> “Ek, Nebukadnesar, was sorgeloos in my huis en voorspoedig in my paleis. <sup>5</sup> Ek het 'n droom gehad, en dit het my verskrik. Die droombeelde in my bed en die visioene in my kop het my ontstel. <sup>6</sup> 'n Bevel is deur my uitgevaardig dat al die wyses van Babel voor my gebring moes word, sodat hulle die uitleg van die droom aan my bekend kon maak.

---

<sup>z</sup>4:1-37 Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Dan 3:31 — 4:34.

\* 4:1 Dan 3:4; 6:26

\* 4:2-3 Eks 7:3; Dan 2:44; 4:34; 6:27-28; Joh 4:48

\* 4:4-7 Dan 2:1-3,28; 4:10,13

<sup>7</sup> Toe die waarsêerpriesters, die towenaars, die Galdeërs\* en voorspellers gekom het, het ek die droom aan hulle vertel, maar sy uitleg kon hulle nie aan my bekend maak nie. <sup>8</sup>\* Oplaas het voor my verskyn Daniël, wie se naam Beltsasar is — na aanleiding van die naam van my god<sup>aa</sup> — en in wie die gees van die heilige gode is. Ek het toe die droom aan hom vertel, <sup>9</sup> ‘Beltsasar, hoof van die waarsêerpriesters, ek weet dat die gees van die heilige gode in jou is en geen geheim jou onderkry nie; die visioene in die droom wat ek gehad het — vertel wat die uitleg daarvan is. <sup>10</sup>\* Wat die visioene in my kop daar in my bed betref: Ek het gesien, kyk, daar was 'n boom in die middel van die aarde, en sy hoogte was geweldig. <sup>11</sup> Die boom het gegroei en sterk geword. Sy hoogte het tot aan die hemel gereik, en hy was sigbaar tot aan die einde van die hele aarde. <sup>12</sup>\* Sy blare was mooi en sy vrugte baie. Daar was kos aan hom vir almal. Onder hom het die diere van die veld skaduwee gevind, en in sy takke was die voëls van die hemel tuis — al wat leef, is deur hom gevoed. <sup>13</sup>\* Daar in my bed het ek in die visioene in my kop gesien: Kyk, 'n boodskapper, 'n heilige, was besig om uit die hemel neer te daal.

---

\* **4:7 Galdeërs:** Dan 2:2

\* **4:8-9** Dan 1:7; 2:28,47; 5:11-12,14

<sup>aa</sup>**4:8 naam ... god:** In Babilonies beteken die naam Beltsasar ‘Mag hy sy lewe beskerm’. In hierdie vers word die eerste deel van die naam egter as die titel van die Babiloniese god Marduk, vertolk, naamlik Bel; vgl Jes 46:1; Jer 51:44.

\* **4:10-12** Eseg 31:3-14

\* **4:12,21** Matt 13:32; Mark 4:32; Luk 13:19

\* **4:13** Deut 33:2-3; Dan 10:13,21

<sup>14</sup> Terwyl hy hardop uitroep, het hy die volgende gesê:

“Vel die boom,

en kap sy takke af!

Stroop sy blare af,

en verstrooi sy vrugte!

Die diere moet onder hom uitvlug

en die voëls uit sy takke.\*

<sup>15</sup> \*Maar sy penwortel —

laat dit in die grond,

vasgeketting met yster en brons

in die groenigheid van die veld.

Van die dou van die hemel

sal hy nat word,

en met die diere

sal hy die gras

van die aarde deel.

<sup>16</sup> \*Sy hart sal verander

weg van dié van 'n mens,

en die hart van 'n dier

sal aan hom gegee word.

Sewe tydperke sal oor hom

heen gaan.

<sup>17</sup> \*Die bevel berus

op die beslissing

van boodskappers,

---

\* **4:14 vel ... uit sy takke:** Matt 3:10; 7:19; Luk 3:9; 13:7-9

\* **4:15** Dan 5:21

\* **4:16** Dan 4:23,25,32; 7:25

\* **4:17** Job 36:7-11; Jer 27:5-7; Dan 2:21; 5:18-21; Luk 1:52

en die saak is in opdrag  
van heiliges,  
met die doel dat lewendes sal erken  
dat die Allerhoogste mag het  
oor 'n menslike koninkryk,  
en dat Hy dit gee aan wie Hy wil.  
'n Nederige onder die mense  
sal Hy daarvoor aanstel.” ’

<sup>18</sup> “ ‘Dit is die droom wat ek, koning Nebukadnesar, gehad het. En jy, Beltsasar, vertel wat die uitleg is, aangesien geeneen van die wyses in my koninkryk daarin kon slaag om die uitleg aan my bekend te maak nie. Maar jy is in staat daartoe, omdat die gees van die heilige gode in jou is.’ ”

<sup>19</sup> \*Daarop was Daniël, wie se naam Beltsasar was, vir 'n kort tydjie verbysterd, en sy gedagtes het hom verskrik. Die koning sê toe:  
“Beltsasar, moenie dat die droom en sy uitleg jou ontstel nie!”

Beltsasar het geantwoord en gesê: “My heer, was die droom maar vir u haters en sy uitleg vir u teenstanders bedoel! <sup>20</sup> \*Die boom wat u gesien het,

wat gegroei en sterk geword het,  
waarvan die hoogte  
tot aan die hemel reik,  
wat oor die hele aarde sigbaar is,  
<sup>21</sup> waarvan die blare mooi  
en sy vrugte baie is,

---

\* 4:19 2 Sam 18:32; Dan 7:15

\* 4:20-21 Dan 4:10-12

met kos aan hom vir almal,  
onder wie  
die diere van die veld woon,  
en in wie se takke

die voëls van die hemel tuis is,

<sup>22</sup> \*is u, o koning, wat gegroei en sterk geword het. U grootheid het gegroei en tot aan die hemel gereik, en u heerskappy tot aan die einde van die aarde. <sup>23</sup> En dat die koning 'n boodskapper, 'n heilige, gesien het wat uit die hemel neerdaal en sê, 'Vel die boom en vernietig dit, maar laat die penwortel in die grond, vasgeketting met yster en brons in die groenigheid van die veld, en deur die dou van die hemel sal hy benat word en saam met die diere van die veld deel hê aan die gras totdat sewe tydperke oor hom heen gegaan het,' — <sup>24</sup> dit is die uitleg, o koning, en die dekreet van die Allerhoogste wat oor my heer die koning uitgevaardig is: <sup>25</sup> \*U sal uitgedryf word, weg van mense af, en by die diere van die veld sal u woning wees. U sal gras gevoer word, soos vir beeste, en van die dou van die hemel sal u nat word. Sewe tydperke sal oor u heen gaan, totdat u erken dat die Allerhoogste magtig is oor 'n menslike koninkryk, en dat Hy dit gee aan wie Hy wil. <sup>26</sup> Dat daar bevel gegee is om die penwortel van die boom te laat staan, beteken dat u koningskap vir u behoue sal bly, sodra u erken dat die hemel heers. <sup>27</sup> \*Daarom, o koning, mag my raad vir u aanvaarbaar wees: Breek deur die regte optrede met u sonde en met u ongeregtigheid, deur guns te betoon aan armes — miskien sal u voorspoed lank duur.”

<sup>28</sup> Dit alles het met koning Nebukadnesar gebeur. <sup>29</sup> Teen die einde van

---

\* **4:22** Jer 27:6-8; Dan 2:37-38

\* **4:25** Dan 4:32; 5:21

\* **4:27** Spr 19:17; 28:13; Tob 12:9; Sir 3:30-31; Matt 5:7; Hand 8:22

die twaalfde maand was hy besig om rond te stap op die dak van<sup>bb</sup> die koninklike paleis in Babel. <sup>30</sup> \*Die koning het toe begin praat en gesê: “Is dit nie die grote Babel wat ek tot 'n koninklike verblyf opgebou het deur die krag van my vermoë en tot verheerliking van my majesteit nie?”

<sup>31</sup> Die woorde was nog op die lippe van die koning, toe val daar 'n stem uit die hemel: “Aan jou, koning Nebukadnesar, word gesê, ‘Die koningskap het van jou gewyk. <sup>32</sup> \*Hulle gaan jou uitdryf, weg van mense af, en by die diere van die veld sal jou woning wees. Soos vir beeste sal hulle jou gras voer. Sewe tydperke sal oor jou heen gaan, totdat jy erken dat die Allerhoogste magtig is oor 'n menslike koninkryk, en dat Hy dit gee aan wie Hy wil.”

<sup>33</sup> Die uitspraak is dadelik vervul oor Nebukadnesar, en hy is uitgedryf, weg van mense af. Hy het gras geëet soos beeste, en van die dou van die hemel het sy liggaam nat geword, totdat sy hare soos dié van arende, en sy naels soos dié van voëls uitgegroeï het.

<sup>34</sup> “\* Aan die einde van die tydperk het ek, Nebukadnesar, my oë na die hemel opgeslaan en my verstand het na my teruggekeer.

Ek het die Allerhoogste geprys  
en die Een wat ewig leef,  
geloof en verheerlik —  
Hy wie se heerskappy  
'n ewige heerskappy is,  
en wie se koningskap  
van geslag tot geslag duur.

---

<sup>bb</sup> **4:29 die dak van:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\* **4:30** Spr 16:18; Eseg 31:10-11; Dan 5:20; Op 18:10

\* **4:32-33** Dan 2:21; 5:21

\* **4:34** Dan 7:27; Op 4:9; 11:15

<sup>35</sup> \* Al die bewoners van die aarde  
word as niks gereken;

Hy doen met die hemelse leër  
en die bewoners van die aarde  
wat Hy wil.

Daar is niemand  
wat sy hand kan afweer  
of vir Hom kan vra nie,  
‘Wat het U gedoen?’

<sup>36</sup> “\*In dié tyd het my verstand na my teruggekeer, en wat die  
waardigheid van my koningskap betref — my majesteit en my luister  
het na my teruggekeer, en my raadsmanne en edeles het my weer  
opgesoek. Oor my koninkryk is ek heraangestel, en my grootheid het  
buitengewoon toegeneem.

<sup>37</sup> En ek, Nebukadnesar,  
loof en verhef en verheerlik nou  
die Koning van die hemele,  
omdat al sy werke waarheid is  
en sy paaie reg,  
omdat Hy hulle  
wat met trots rondloop,  
kan verneder.”

---

\* **4:35** Job 9:12; Jes 40:17

\* **4:36** Dan 5:18; Luk 1:52; 18:14

# 5

## Skrif aan die muur

<sup>1</sup> Koning Belsasar<sup>cc</sup> het 'n groot feesmaal voorberei vir sy duisend maghebbers. Hy het wyn gedrink in die teenwoordigheid van hierdie duisend. <sup>2</sup> \*Belsasar het, terwyl hy die wyn geniet, opdrag gegee dat die voorwerpe van goud en silwer wat sy vader<sup>dd</sup> Nebukadnesar uit die tempel in Jerusalem verwyder het, gebring moes word, sodat die koning en sy maghebbers, sy haremvroue en byvroue daaruit kon drink. <sup>3</sup> Hulle bring toe die voorwerpe van goud wat uit die tempel, die huis van God in Jerusalem, verwyder is, en die koning, sy maghebbers, haremvroue en byvroue het daaruit gedrink. <sup>4</sup> \*Hulle het wyn gedrink en die gode van goud, silwer, koper, yster, hout en klip geprys.

<sup>5</sup> Op daardie oomblik het vingers van 'n mens se hand verskyn en oorkant die kandelaar op die pleister van die koninklike paleis se muur geskryf. Die koning het die deel van die hand wat besig was om te skryf, gesien. <sup>6</sup> \*Toe word die koning bleek,<sup>ee</sup> en sy gedagtes het hom verskrik. Sy heupgewrigte het slap geword en sy knieë het teen mekaar geklap. <sup>7</sup> \*Die koning het hard geskreeu dat die towenaars, Galdeërs en voorspellers gebring moet word. Die koning praat toe en sê vir die

---

<sup>cc</sup>**5:1 Belsasar:** In Babilonies beteken die naam ‘Bel bewaar die vors!’ 'n Seun en mederegent van Nabonidus, die laaste Babiloniese koning, het dié naam gedra; vgl Dan 7:1; 8:1.

\***5:2** Esra 6:5; Dan 1:2

<sup>dd</sup>**5:2 vader:** Die •bronteks kan ook vertaal word: “voorvader”; vgl ook Dan 5:11.

\***5:4** Jes 44:9-20; Dan 5:23; Bar 6:3; Op 9:20

\***5:6** Jes 13:8; Dan 7:28; Nah 2:10

<sup>ee</sup>**5:6 word ... bleek:** Letterlik ‘verander die koning se gelaatskleure’; vgl ook Dan 5:9-10.

\***5:7** Gen 41:38,40; Est 8:15; Dan 2:2,6,48



wyses van Babel: “Enige mens wat hierdie skrif kan lees en die uitleg daarvan vir my kan gee, sal in purperrooi geklee word met 'n goue ketting om sy nek, en hy sal as derde in rang in die koninkryk regeer.”

<sup>8</sup> Al die wyses van die koning het toe ingekom. Hulle kon egter nie die skrif lees en die uitleg aan die koning bekend maak nie. <sup>9</sup> \*Toe was koning Belsasar hewig ontsteld en sy gesig steeds bleek. Sy maghebbers was verward.

<sup>10</sup> Die koningin<sup>ff</sup> het toe, vanweë die gesprek tussen die koning en sy maghebbers, die feessaal binnegegaan. Die koningin praat toe en sê: “O koning, leef vir ewig! Moenie dat u gedagtes u ontstel nie; en u hoef nie bleek te wees nie! <sup>11</sup> \*Daar is 'n man in u koninkryk in wie die gees van die heilige gode is. In die dae van u vader is helderheid, insig en wysheid soos die wysheid van gode by hom gevind. Koning Nebukadnesar, u vader, het hom aangestel as hoof van die waarsêerpriesters, towenaars, Galdeërs en voorspellers — ja, u vader, die koning — <sup>12</sup> en wel omdat 'n buitengewone gees en verstand, die insig om drome te verklaar, raaisels uit te lê en om probleme te ontrafel, in hom gevind is, in Daniël, vir wie die koning die naam Beltsasar gegee het. Laat Daniël nou ontbied word; hy sal die uitleg gee.”

<sup>13</sup> \*Daniël is toe voor die koning gebring, waarop die koning vir Daniël gevra het: “Is jy Daniël, een van die Judese ballinge wat deur my vader uit Juda gebring is? <sup>14</sup> Ek het van jou gehoor, dat die gees van die gode in jou is, en dat helder insig en buitengewone wysheid in jou gevind is.

<sup>15</sup> En nou, die wyses, die towenaars, is voor my gebring, sodat hulle hierdie skrif kon lees en die uitleg daarvan aan my bekend kon maak.

---

\*5:9 Dan 2:1

<sup>ff</sup>5:10 koningin: Kan ook vertaal word: “koninginmoeder”.

\*5:11-12 Dan 1:7,17; 2:47-48; 4:5-9

\*5:13 Dan 2:25

Maar hulle was nie daartoe in staat om die uitleg van die woorde bekend te maak nie. <sup>16</sup> \*Ek het egter van jou gehoor dat jy in staat is om uitleg te gee en probleme te ontrafel. Daarom, as jy in staat is om die skrif te lees en die uitleg daarvan bekend te maak, sal jy in purperrooi geklee word, met 'n goue ketting om jou nek, en jy sal as derde in rang in die koninkryk regeer.”

<sup>17</sup> \*Daniël antwoord toe en sê vir die koning: “U geskenke mag u vir uself hou, en u beloning — gee dit aan iemand anders! Ek sal in elk geval die skrif vir die koning lees, en die uitleg aan hom bekend maak. <sup>18</sup> \*Wat u betref, o koning: Die allerhoogste God het die koningskap, die grootheid, eer en majesteit gegee aan Nebukadnesar, u vader. <sup>19</sup> Vanweë die grootheid wat God<sup>88</sup> aan hom gegee het, was al die volke, nasies en taalgroepe in vrees en bewing voor hom: Hy het doodgemaak wie hy wou, en laat leef wie hy wou. Hy het verhef wie hy wou, en verneder wie hy wou. <sup>20</sup> \*Maar toe hy hooghartig geraak het, en sy gees so verhard het dat hy oormoedig geraak het, is hy van sy koninklike troon gestoot en van sy eer gestroop. <sup>21</sup> Hy is verdryf, weg van mense af, en sy hart het soos dié van 'n dier geword. By die wilde donkies was sy woonplek. Hy is gras gevoer, soos vir beeste, en van die dou van die hemel het sy liggaam nat geword — totdat hy erken het dat die allerhoogste God mag het oor 'n menslike koninkryk, en dat Hy daarvoor aanstel wie Hy wil.

<sup>22</sup> “Maar u, sy seun Belsasar, het u hart nie verneder nie, alhoewel u

---

\*5:16 Dan 2:26; 5:7,29

\*5:17 2 Kon 5:16; Hand 8:20

\*5:18-19 Deut 3:24; Jer 27:5-7; Dan 2:37-38

<sup>88</sup>5:19 God: Die bronteks lui: “Hy”.

\*5:20-21 Dan 4:16-17,25,30-31; Hand 12:23

dit alles geweet het. <sup>23</sup> \*Teen die Heer van die hemel het u uself verhef. Die voorwerpe van sy huis het hulle voor u gebring en u, u maghebbers, u haremvroue en u byvroue het wyn daaruit gedrink. Die gode van silwer en goud, koper, yster, hout en klip, wat nie sien, nie hoor of enigiets weet nie — u het hulle geprys; maar die God in wie se hand u asem is, en by wie al u paaie is, Hom het u nie verheerlik nie. <sup>24</sup> Vanuit sy teenwoordigheid is die handpalm toe gestuur en is hierdie skrif geskryf. <sup>25</sup> Dit is dan die skrif wat geskryf is: *Mene, mene, tek el ufarsin*.<sup>hh</sup> <sup>26</sup> Dít is die uitleg van die woorde: *Mene* — God het die jare van<sup>ii</sup> u koningskap getel en dit beëindig. <sup>27</sup> *Tek el* — u is op die skaal geweeg en te lig bevind. <sup>28</sup> *Peres*<sup>ij</sup> — u koninkryk is verdeel en is aan die Mede en Perse\* gegee.”

<sup>29</sup> \*Belsasar het toe opdrag gegee, en hulle het Daniël in purperrooi geklee, en 'n goue ketting om sy nek gehang. Hulle het 'n proklamasie uitgevaardig, dat hy die derde magtigste in die koninkryk is. <sup>30</sup> \*Daardie selfde nag is Belsasar, die koning van die Galdeërs, gedood.

---

\***5:23** Job 12:10; 34:21; Dan 5:4; Rom 1:21; Op 9:20

<sup>hh</sup>**5:25** *Mene ... ufarsin*: Die woorde het meerduidige betekenis. Dit kan vertaal word: “•Mina, mina, •sikkel en halwe gewigte”. Dit sou beteken dat die gewigte/waardes van die laaste twee Babiloniese konings afgeneem het. Dit kan ook vertaal word: “Getel, getel, geweeg en verdeel”.

<sup>ii</sup>**5:26** *jare van*: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

<sup>ij</sup>**5:28** *Peres*: *Peres* is die enkelvoud van die woord *farsin*.

\***5:28** *Mede en Perse*: Dan 6:1,9; 9:1; 11:1

\***5:29** Dan 5:7,16; 6:3

\***5:30** Jes 21:1-10; Jer 51:39,57

# 6

## Daniël in die leeukuil.

<sup>1</sup> \*\*Darius die Meder het die koningskap ontvang toe hy twee-en-sestig jaar oud was. <sup>2</sup> \*Darius het dit goedgevind om honderd-en-twintig satrape<sup>kk</sup> oor die koninkryk aan te stel, wat oor die hele koninkryk verspreid sou wees. <sup>3</sup> \*Oor hulle was daar drie toesighouers, waarvan Daniël een was, aan wie hierdie satrape rekenskap moes gee, sodat die koning nie skade sou ly nie. <sup>4</sup> \*Hierdie Daniël het homself onderskei van die toesighouers en satrape, omdat 'n buitengewone gees in hom was; en die koning het beplan om hom oor die hele koninkryk aan te stel.

<sup>5</sup> Daarop het die toesighouers en satrape na 'n rede vir 'n aanklag teen Daniël gesoek in verband met die koninkryk, maar hulle kon geen rede of fout vind nie, omdat hy betroubaar was. Geen nalatigheid of fout is by hom gevind nie. <sup>6</sup> \*Dié manne sê toe: “Ons sal nie enigiets vind teen hierdie Daniël nie, behalwe as ons iets teen hom vind in die wet van sy God.” <sup>7</sup> \*Daarna het hierdie toesighouers en satrape by die koning ingestorm en die volgende vir hom gesê: “O koning Darius, leef vir ewig! <sup>8</sup> \*Al die toesighouers van die koninkryk, die landvoogde, die satrape, die raadsmanne en die streeksgoewerneys het met mekaar

---

\* **6:1-28** Heb 11:33

\* **6:1** Dan 9:1; 11:1

\* **6:2** Est 1:1; 8:9

<sup>kk</sup>**6:2 satrape:** 'n Oud-Persiese woord wat die verteenwoordigers van die koning in die provinsies van sy ryk aandui.

\* **6:3** Dan 2:48-49; 5:29

\* **6:4** Dan 1:19-20; 5:12,14

\* **6:6** Hand 24:13-14

\* **6:7** Dan 2:4; 5:10

\* **6:8** Ps 64:3-4; Dan 3:2,6

ooreengekom dat die koning 'n verordening moet uitvaardig en 'n verbod moet bekragtig, dat enigiemand wat vir dertig dae 'n bede rig tot enige god of mens, behalwe tot u, o koning, in die leeuuil gegooi moet word. <sup>9</sup>\* O koning, vaardig dan nou die verbod uit, en stel 'n bevelskrif op wat nie verander kan word nie, wat as 'n wet van Mede en Perse nie herroep mag word nie.” <sup>10</sup> Om dié rede het koning Darius die bevelskrif en die verbod op skrif gestel.

<sup>11</sup>\* Toe Daniël te wete kom dat die bevelskrif geskryf is, het hy sy huis binnegegaan. Hy het in sy bovertrek oop vensters gehad in die rigting van Jerusalem; en hy het drie keer op 'n dag daar op sy knieë gegaan, gebid en voor sy God lof uitgespreek, soos hy voorheen gedoen het.

<sup>12</sup> Daardie manne het toe ingestorm en Daniël biddend en smekend voor sy God gekry. <sup>13</sup>\* Daarna het hulle voor die koning verskyn en met hom gepraat oor die koninklike verbod: “Het u nie 'n verbod op skrif gestel dat enigiemand wat vir dertig dae 'n bede rig tot enige god of mens behalwe tot u, o koning, in die leeuuil gegooi moet word nie?” Die koning het geantwoord en gesê: “Die saak staan vas as 'n wet van Mede en Perse, wat nie herroep mag word nie.” <sup>14</sup> Toe antwoord hulle en sê vir die koning: “Daniël, een van die ballinge van Juda, steur hom nie aan u, o koning, of aan die verbod wat u op skrif gestel het nie, maar drie keer op 'n dag rig hy sy bede tot sy God.<sup>11</sup>” <sup>15</sup>\* Toe die koning dít hoor, was hy erg ontsteld, en het hy sy bes gedoen om Daniël te red. Tot sonder het hy hom beywer om hom te bevry. <sup>16</sup>\* Daardie manne

---

\*6:9 Est 1:19; 8:8

\*6:11 1 Kon 8:35,48-49; Ps 55:17-18

\*6:13-14 Est 3:8; Dan 3:10-12; Hand 5:29

<sup>11</sup>6:14 tot sy God: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\*6:15 Matt 14:9

\*6:16 Est 8:8; Dan 6:8,12

het ingestorm by die koning en vir die koning gesê: “Onthou, o koning, dat dit 'n wet van Mede en Perse is dat elke verbod en verordening wat die koning uitgevaardig het, nie verander mag word nie.”

<sup>17</sup> \*Daarop het die koning opdrag gegee en hulle het Daniël gebring en in die leeu kuil gegooi. En die koning het vir Daniël gesê: “Jou God wat jy voortdurend dien, mag Hy jou red.” <sup>18</sup> \*'n Klip is gebring en op die opening<sup>mm</sup> van die kuil geplaas, en die koning het dit met sy seërling en die seërlinge van sy maghebbers verseël, sodat niks omtrent Daniël verander sou word nie. <sup>19</sup> \*Die koning het daarna na sy paleis gegaan en die nag deurgebring deur te vas. Geen kos<sup>nn</sup> is vir hom gebring nie, en slaap het hom ontwyk.

<sup>20</sup> In die oggend, teen die eerste lig, het die koning opgestaan en haastig na die leeu kuil gegaan. <sup>21</sup> \*Terwyl hy nader aan die kuil kom, het hy na Daniël geroep met 'n angstige stem. Die koning het vir Daniël gesê: “Daniël, dienskneg van die lewende God, was jou God wat jy voortdurend dien, in staat om jou te red van die leeus?” <sup>22</sup> Daniël praat toe met die koning: “O koning, leef vir ewig! <sup>23</sup> \*My God het sy engel gestuur en Hy het die bekke van die leeus gesluit, sodat hulle my geen leed kon aandoen nie, omdat ek voor Hom onskuldig bevind is. Ook u, o koning, het ek geen leed aangedoen nie.”

<sup>24</sup> \*Die koning was toe uitermate verheug oor hom, en hy het mense

---

\* **6:17** Dan 3:15-18

\* **6:18** Matt 27:66

<sup>mm</sup>**6:18 opening:** Kan vertaal word: “bek”; vgl Dan 6:23.

\* **6:19** Est 6:1; Dan 2:1

<sup>nn</sup>**6:19 kos:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Aramese woord, en dit word verskillend vertaal.

\* **6:21** Ps 22:22; Jer 32:17; Dan 3:17,26; 2 Tim 4:17

\* **6:23** Ps 91:9-13; Dan 3:28; Tob 12:14-15; 1 Mak 2:60; Hand 12:11; Heb 11:33

\* **6:24** Dan 3:27

opdrag gegee om Daniël uit die kuil op te trek. Daniël is uit die kuil opgetrek en geen letsel kon aan hom gekry word nie, omdat hy op sy God vertrou het.

<sup>25</sup> \*Die koning het bevel gegee, en hulle het daardie manne wat Daniël aangekla het,<sup>oo</sup> gebring, en hulle in die leeu-kuil gegooi, hulle saam met hulle kinders en vroue. Hulle het nog nie eers die bodem van die kuil bereik nie, toe die leeus hulle oorweldig en al hulle beendere vergruis.

<sup>26</sup> \*Daarna het koning Darius aan al die volke, nasies en taalgroepe wat oor die hele aarde woon, geskryf:

Mag julle vrede groot wees!

<sup>27</sup> \*'n Bevel is deur my uitgevaardig dat, in die hele magsgebied van my koninkryk, almal met vrees en bewing vervul moet wees vir die God van Daniël. Want Hy is die lewende God wat in ewigheid bestaan; sy koninkryk is een wat nie vernietig word nie, en sy heerskappy is tot die einde toe. <sup>28</sup> Hy wat red en verlos en tekens en wonders doen in die hemel en op die aarde, dit is Hy wat Daniël gered het uit die kloue van die leeus.

<sup>29</sup> \*Hierdie Daniël was voorspoedig onder die regering van Darius en onder die regering van Kores<sup>pp</sup> die Pers.

## 7

### Visioen van die vier diere

<sup>1</sup> \*In die eerste regeringsjaar van Belsasar, die koning van Babel, het

---

\***6:25** Deut 19:18-19; 24:16; Est 7:9-10

<sup>oo</sup>**6:25 aangekla het:** Die Aramese idioom kan vertaal word: “stukke geëet het”.

\***6:26** Esra 4:17; Est 3:12; Dan 4:1

\***6:27-28** Jer 42:11; Dan 3:28-29; 4:3,34,37; Judit 11:23; DanGr 14:41

\***6:29** Dan 1:21; 10:1

<sup>pp</sup>**6:29 Kores:** Persiese koning wat Babel ingeneem het.

\***7:1** Dan 2:28; 5:1

Daniël 'n droom gehad; dit was visioene in sy kop, terwyl hy in sy bed was. Hy het daarna die droom neergeskryf.

Die begin van die weergawe lui:<sup>99</sup>

<sup>2</sup>\*Daniël het die volgende gesê: “In my visioen in die nag het ek gesien: Kyk, die vier winde van die hemel het die groot see in beroering gebring. <sup>3</sup>\*\*Vier groot diere het uit die see opgekom, elkeen anders as die ander.

<sup>4</sup>\*\*\*Die eerste was soos 'n leeu met die vlerke van 'n arend. Ek het bly kyk totdat sy vlerke uitgepluk was, hy van die grond af opgelig is, op twee voete soos 'n mens neergesit is en die hart van 'n mens aan hom gegee is.

<sup>5</sup>\*\*\*En kyk, 'n ander, 'n tweede dier, het soos 'n beer gelyk, en is langs die eerste dier opgerig.<sup>11</sup> Daar was drie ribbes in sy bek tussen sy tande, en daar is vir hom gesê, ‘Staan op, eet baie vleis!’

<sup>6</sup>\*\*\*Daarna het ek gesien: Kyk, daar was 'n ander dier, soos 'n luiperd. Hy het die vier vlerke van 'n voël op sy rug gehad. Die dier het vier koppe gehad, en heerskappy is aan hom gegee.

<sup>7</sup>\*\*\*Daarna het ek in my nagtelike visioene gesien: Kyk, daar was 'n vierde dier, vreesaanjaend, skrikwekkend en buitengewoon

---

<sup>99</sup>**7:1 Die begin ... lui:** Letterlik ‘Die begin van woorde het gesê’. Die aanhaling eindig by Dan 7:27; vgl Dan 7:28.

\***7:2** Jes 17:12; Jer 51:42; Op 7:1

\***7:3-4** Vgl Dan 2:31-45

\***7:3** Op 13:1; 17:8

\***7:4-6** Op 13:2

\***7:4** Deut 28:49; Jer 4:7,13; 49:19,22

\***7:5** Dan 2:39

<sup>11</sup>**7:5 is ... opgerig:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

\***7:6** Dan 8:8,22; 11:35; Hab 1:8; Op 3:2

\***7:7,19,23** Dan 2:40; Sag 1:18-19; Op 11:7; 12:3,17; 13:7



sterk, met groot tande van yster. Hy het verslind en vermorsel, en wat oorgebly het, met sy pote vertrap. Hy het verskil van al die diere voor hom, en het tien horings gehad. <sup>8</sup>\*Terwyl my aandag nog by die horings was, kyk, toe kom daar 'n ander klein horinkie tussen hulle uit, en drie van die vorige horings voor hom is ontwortel. Kyk, in hierdie horing was daar oë soos mense-oë en 'n mond wat grootpraat.

<sup>9</sup>“\*\*Ek het gekyk

totdat trone opgestel is,  
en 'n Oue van Dae<sup>ss</sup>  
plaasgeneem het.

Sy kleed was wit soos sneeu,  
die hare van sy hoof  
soos suiwer wol.

Sy troon was vuurvlamme,  
die wiele daarvan vlammeende vuur.

<sup>10</sup>'n Rivier van vuur het gevloei  
en voor Hom uit gestroom.

Duisend maal duisende  
was tot sy diens,  
en tienduisend maal tienduisende  
het voor Hom gereed gestaan.

Die regbank het plek ingeneem,  
en die •boekrolle is oopgemaak.

---

\*7:8 Dan 7:20-26; 8:9; Op 13:5-6

\*7:9,27 Eseg 1:26-28; Op 1:14; 4:2; 20:4,12

\*7:9-10 Matt 19:28; Op 20:11-12

<sup>ss</sup>7:9 Oue van Dae: Dit verwys hier na God; vgl Jes 6:1; 41:4; Eseg 1:26; Op 4:2.

<sup>11</sup> “Ek het daarna nog bly kyk, weens die geraas van die verwaande woorde wat die horing besig was om kwyd te raak; ja, ek het bly kyk totdat die dier gedood is, sy liggaam verwoes is, en hy oorgegee is aan verbranding deur die vuur. <sup>12</sup> \*Die oorblywende diere se heerskappy is hulle ontnem, en 'n langer lewe is vir hulle gegee, tot 'n tyd en 'n tydsduur verloop het.

<sup>13</sup> “Ek het in die nagtelike visioene gesien:

“Kyk, met die wolke  
van die hemel  
was iemand aan die kom  
wat soos 'n mensekind was;  
tot by die Oue van Dae  
het hy gekom,  
voor Hom is hy gebring.

<sup>14</sup> Aan hom is heerskappy,  
eer en koningskap gegee —  
alle volke, nasies en taalgroepe  
dien hom.

Sy heerskappy  
is 'n ewige heerskappy  
wat nie verby sal gaan nie,  
en sy koningskap is so  
dat dit nie vernietig sal word nie.<sup>tt</sup>

---

\*7:12 Dan 2:21

<sup>tt</sup>7:13-14 Kyk ... word nie: In Matt 24:30; 26:64; Mark 13:26; 14:62; Luk 21:27 verwys Jesus na dele van hierdie verse as heenwysing na Homself; vgl Matt 28:18; Luk 1:33; Joh 12:34; Op 1:7,13; 10:11; 11:15; 14:14; 19:6.

<sup>15</sup> “\*Wat my, Daniël, betref, my gees was verontrus diep in my binneste, en die visioene in my kop het my verskrik. <sup>16</sup> \*Ek het nadergegaan na een van dié wat gereed gestaan het, en hom die ware uitleg van al hierdie dinge gevra. Hy het met my gepraat en die uitleg daarvan aan my bekend gemaak, <sup>17</sup> \*‘Hierdie groot diere, vier in getal: Vier konings sal uit die aarde opstaan, <sup>18</sup> \*maar die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang, en hulle sal die koninkryk in besit neem vir ewig en altyd.’

<sup>19</sup> “\*Toe wou ek sekerheid kry oor die vierde dier, wat van al die ander verskil het — buitengewoon vreesaanjaend, met tande van yster en naels van brons, wat verslind en vermorsel, en dit wat oorbly, met sy pote vertrap — <sup>20</sup> en oor die tien horings wat op sy kop was, en die ander horing wat uitgekome het, waarvoor drie ander moes wyk, dié horing met oë en 'n mond wat grootpraat en wat groter gelyk het as die ander. <sup>21</sup> \*Ek het gesien hierdie horing maak oorlog teen die heiliges, en hy was besig om die oorhand oor hulle te kry, <sup>22</sup> \*totdat die Oue van Dae gekom het en 'n uitspraak gegee is ten gunste van die heiliges van die Allerhoogste. Die tyd het toe aangebreek, en die heiliges het die koninkryk in besit geneem.

<sup>23</sup> “\*So het hy gesê,  
‘Die vierde dier beteken:

---

\*7:15 Dan 4:19; 7:28

\*7:16 Dan 8:16; Sag 1:9

\*7:17 Vgl Dan 2:37-40

\*7:18,27 Dan 2:44; Matt 25:34; Heb 12:28; Op 20:4; 22:5

\*7:19-20 Dan 7:7-8; Op 13:5-6

\*7:21 Dan 8:24; Op 11:7; 13:7

\*7:22 Dan 7:9; 1 Kor 6:2-3; Op 20:4

\*7:23 Dan 2:40-43

'n Vierde koninkryk

sal op die aarde wees,  
wat van al die koninkryke verskil.

Dit sal die aarde verslind  
en dit vertrap en vermorsel.

<sup>24</sup> \*Die tien horings beteken:

Uit daardie koninkryk  
sal tien konings opstaan.

'n Ander een sal ná hulle opstaan;  
hý sal verskil van die voriges,  
en hy sal drie konings verneder.

<sup>25</sup> \*Woorde gerig teen die Hoogste  
sal hy uitspreek,  
en die heiliges van die Allerhoogste  
sal hy teister.

Hy sal poog om feestye en die wet  
te verander,  
en die heiliges  
sal in sy hand gegee word  
vir 'n tyd en tye en 'n halwe tyd.<sup>uu</sup>

<sup>26</sup> \*Maar die regbank  
sal sitting neem,  
en sy heerskappy

---

\*7:24 Dan 7:7; Op 17:12

\*7:25 Dan 8:24-25; 11:36; 12:7; Op 12:14; 13:5

<sup>uu</sup>7:25 'n tyd ... ½ tyd: Dit verwys na die 3½ (1 + 2 + ½) jaar wat na aanleiding van Antiochus IV Epifanes se teistering van Israel in 167-164 vC, simbolies toegepas word op die tyd van vervolging van die kerk; vgl Dan 12:7; Op 12:6.

\*7:26 Dan 7:9-10

sal hulle wegneem  
om dit te vernietig en te verdelg,  
tot die einde toe.

<sup>27</sup> \*Die koningskap, die heerskappy  
en die grootsheid  
van die koninkryke  
onder die ganse hemel  
word dan gegee  
aan die volk van die heiliges  
van die Allerhoogste.  
Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk,  
en alle magte sal Hom dien  
en aan Hom gehoorsaam wees.' ”

<sup>28</sup> Hier eindig die weergawe.

“Ek, Daniël — my gedagtes het my baie verskrik, en my gelaatskleur  
het verander, maar ek het die weergawe in my hart bewaar.<sup>vv</sup>”\*

## 8

### Visioen van die ramme

<sup>1</sup> \*In die derde regeringsjaar van koning Belsasar is daar aan my,  
Daniël, 'n visioen geopenbaar, ná die een wat aan die begin aan my  
geopenbaar is. <sup>2</sup> \*In die visioen het ek myself in die vestingstad Susan, in  
die Elamprovinsie, gesien. Ek sien toe in die visioen dat ek langs die

---

\*7:27 Dan 2:44; Ps 145:13; Jes 9:6; Luk 1:33; Op 22:5

<sup>vv</sup>7:28 bewaar: Hier eindig die Aramese teks van die boek.

\*7:28 Ek, Daniël ... bewaar: Dan 4:19; 8:27; 10:8; Luk 2:19,51

\*8:1 Dan 5:1; 7:1

\*8:2 Esra 4:9; Neh 1:1; Est 1:2

Ulaikanaal is. <sup>3</sup>\*Toe ek opkyk, sien ek, kyk, daar is 'n ram met twee horings wat voor die kanaal staan. Die twee horings was lank, maar die een was langer as die ander, en die langste een het laaste uitgekom. <sup>4</sup>Ek het gesien die ram stoot na die weste, die noorde en die suide, en geen dier kon voor hom standhou nie. Niemand kon iets uit sy mag red nie. Hy het gedoen wat hy wou en hom groot voorgedoen. <sup>5</sup>\*Terwyl ek nog daaroor nadink, kyk, toe kom 'n bokram uit die weste oor die oppervlak van die hele aarde aan, sonder om aan die grond te raak. Die bok het 'n opvallende horing tussen sy oë gehad. <sup>6</sup>Hy kom toe tot by die ram met die twee horings wat ek voor die kanaal sien staan het. Toe storm hy met geweldige woede op hom af. <sup>7</sup>Ek het gesien hoe hy tot by die ram kom. Hy was briesend kwaad vir hom, en het die ram getref. Hy het sy twee horings afgebreek, en daar was geen krag in die ram om voor hom staande te bly nie. Hy het hom teen die grond gegooi en hom vertrap. Daar was niemand wat die ram uit sy mag kon red nie.

<sup>8</sup>Die bokram het homself besonder groot voorgedoen. Maar toe hy sterk geword het, het die groot horing afgebreek. Vier opvallende horings<sup>ww</sup> het in die plek daarvan gegroei, na die vier windrigtings van die hemel. <sup>9</sup>\*Uit een van hulle het 'n enkele klein horing uitgekom, maar dit het uitermate groot gegroei na die suide, na die ooste en na die Sieraad.<sup>xx</sup> <sup>10</sup>Dit het groot geword tot by die hemelse leër, dit is die sterre, en dit het van die sterre op die aarde laat val en hulle vertrap. <sup>11</sup>\*Die horing het hom selfs teen die Bevelvoerder van die leër verhef.

---

\***8:3-4** Eseg 34:21; Dan 8:20

\***8:5-8** Dan 8:21; 11:3-4

<sup>ww</sup>**8:8 horings:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\***8:9** Dan 7:8; 8:23; 11:16,25-30

<sup>xx</sup>**8:9 die Sieraad:** Die land Israel.

\***8:11-12** Eks 29:38-42; Dan 9:27; 11:31,36-37; 1 Mak 1:45-46; 2 Mak 10:3-5

Van Hom is die gereelde offer weerhou, en die plek van sy heiligdom is omvergewerp.

<sup>12</sup> Daar sal 'n ander offerdiens<sup>yy</sup> in die plek van die gereelde offer ingestel word as 'n daad van opstand.<sup>zz</sup> Hy sal die waarheid teen die grond gooi, en suksesvol wees in sy optrede.

<sup>13</sup> \*Ek het een van die heiliges hoor praat. 'n Ander heilige vra toe vir iemand, vir die een wat praat: “Hoe lank sal dit duur — dit wat in die visioen openbaar is oor die gereelde offer en die verwoestende daad van opstand, en oor die oorgawe van sowel die heiligdom as die offerdiens<sup>a</sup> om vertrap te word?” <sup>14</sup> Hy het vir my gesê: “Tot tweeduisend driehonderd aande en oggende<sup>b</sup> — dan sal 'n heiligdom sy regmatige plek kry.<sup>c</sup>”

<sup>15</sup> \*Terwyl ek, Daniël, die visioen sien, en dit probeer verstaan, staan daar skielik voor my iemand wat soos 'n man lyk. <sup>16</sup> Ek hoor toe die stem van 'n mens oor die Ulai\* wat roep en sê: “Gabriël, laat hierdie een die verskyning verstaan.”

---

<sup>yy</sup>**8:12 ander offerdiens:** Letterlik ‘diens’. Die woord kan dui op kultiese of seremoniële offerdiens, of militêre diensplig.

<sup>zz</sup>**8:12 Daar ... opstand:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal: “'n Leër is saam met die gereelde offerdiens oorgegee as 'n daad van opstand.”

\***8:13-14** Dan 7:25; 11:31; 12:6-8,11; 1 Mak 1:21; Luk 21:24; Op 6:10

<sup>a</sup>**8:13 offerdiens:** Word ook vertaal: “leër”.

<sup>b</sup>**8:14 aande en oggende:** Letterlik ‘aand oggend’. Dit kan verwys na die aand- en oggendoffers, en beteken dus 1 150 dae. In die tyd van die OT was die dagindeling van sononder tot sononder. ‘Aand oggend’ kan ook verwys na 'n nag wat dan beteken 2 300 dae.

<sup>c</sup>**8:14 sy regmatige ... kry:** Letterlik ‘geregverdig word’.

\***8:15-16** Dan 7:13; 9:21; Luk 1:19,26

\***8:16 Ulai:** Dan 8:2

<sup>17</sup> \*Hy het nadergekom na die plek waar ek staan. Toe hy naderkom, is ek deur vrees oorweldig, en het met my gesig teen die grond neergeval. Hy sê toe vir my: “Jy moet verstaan, mensekind, dat die visioen geld vir die tyd van die einde.” <sup>18</sup> Terwyl hy met my praat, was ek in 'n beswyming, met my gesig teen die grond, maar hy het my aangeraak, my weer op my plek laat staan, <sup>19</sup> en gesê: “Kyk, ek gaan aan jou bekend maak wat sal gebeur aan die einde van die vervloeking, want dit verwys na die vasgestelde tyd aan die einde. <sup>20</sup> \*Die ram wat jy gesien het met die twee horings, is die konings van Medië en Persië. <sup>21</sup> \*En die harige bokram is die koning van Jawan.<sup>d</sup> Die groot horing tussen sy oë, dit is die eerste koning. <sup>22</sup> Die een wat gebreek is, in die plek waarvan vier opgestaan het, beteken: Vier koninkryke sal uit die nasie opstaan, maar nie met dieselfde krag nie.

<sup>23</sup> \* Aan die einde  
van hulle heerskappy,  
as die oortreders volle geleentheid  
gehad het,  
sal 'n koning met 'n ongenaakbare gesig opstaan,  
een bedrewe in knoeiery.

<sup>24</sup> Hy sal groot mag hê,  
maar nie deur eie krag nie.  
Hy sal ongehoorde verwoesting  
aanrig,  
en voorspoedig wees

---

\*8:17-18 Eseg 1:28 — 2:2; Dan 10:9,15-19; Op 1:17

\*8:20 Dan 8:3

\*8:21-22 Dan 8:5,8; 11:3-4

<sup>d</sup>8:21 Jawan: Griekeland.

\*8:23-24 Dan 7:25; 8:12; 11:21,36; 1 Mak 1:37-39,54-57; Op 17:17



in wat hy doen.  
Hy sal sterkes en die volk  
van die heiliges vernietig.  
<sup>25</sup> \*Deur sy vernuf sal hy slaag  
met die bedrog wat hy aanrig.  
In sy hart is hy vol eiewaan,  
en onverhoeds  
sal hy baie mense vernietig.  
Selfs teen die Vors van vorste  
sal hy opstaan,  
maar sonder mensehand  
sal hy vernietig word.

<sup>26</sup> \*Die openbaring in verband met die aand en die oggend waaroor daar gepraat is, dit is waar. En jy, hou die visioen geheim, want daar moet nog baie dae verloop.”

<sup>27</sup> \*Ek, Daniël, was uitgeput<sup>e</sup> en dae lank ongesteld. Toe het ek opgestaan en die koning se werk gedoen. Ek was verslae oor die openbaring, en kon dit nie begryp nie.

## 9

### Daniël se gebed

<sup>1</sup> \*In die eerste regeringsjaar van Darius, seun van Ahasveros,<sup>f</sup> uit die

---

\***8:25** Dan 2:34; 8:11; 11:23-24

\***8:26** Dan 8:14,17; 12:4; Op 10:4; 22:6,10

\***8:27** Dan 2:48; 7:28; Hab 3:16

<sup>e</sup>**8:27 uitgeput:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

\***9:1-2** Jer 25:11-13; 29:10; Dan 6:1-2

<sup>f</sup>**9:1 Ahasveros:** Die Hebreeuse vorm van die meer bekende Griekse vorm van die naam, naamlik. Xerxes I, kleinseun van Kores die Pers, wat van 485-465 vC regeer.

nageslag van die Mede, wat as koning aangestel is oor die koninkryk van die Galdeërs, <sup>2</sup> in die eerste jaar van sy koningskap, het ek, Daniël, in die •boekrolle opgemerk dat die getal jare wat moes verloop vir die puinhoop van Jerusalem, waaroor die woord van die HERE tot Jeremia gekom het, sewentig jaar sou wees. <sup>3</sup> \*Ek het my tot God, my Heer, gewend om Hom in gebed en smeking te soek, deur te vas, in 'n roukleed en met stof op die kop.<sup>8</sup> <sup>4</sup> \*\*Ek het gebid tot die HERE, my God; ek het bely en gesê: “Ag, my Heer, U is die groot en ontsagwekkende God, wat die verbond en verbondstrou in stand hou vir hulle wat Hom liefhet en sy geboorte nakom. <sup>5</sup> \*Ons het gesondig, ons het verkeerd opgetree, ons het ons skuldig gemaak en in opstand gekom. Ons het afgewyk van u geboorte en u beslissings. <sup>6</sup> \*En ons het nie geluister na u diensknepte die profete nie, hulle wat in u Naam gepraat het met ons konings, ons hoë amptenare, ons voorouers en met die hele volk van die land. <sup>7</sup> \*By U, my Heer, is daar regverdige optrede, en by ons is daar gesigte vol skaamte, soos dit vandag is — by die manne van Juda, by die inwoners van Jerusalem en by die hele Israel, dié wat naby is en dié wat ver is in al die lande waarheen hulle verdryf is op grond van die ontrou wat hulle teen U gepleeg het. <sup>8</sup> HERE, by ons is daar gesigte vol skaamte — by ons konings, ons hoë amptenare en ons voorouers, omdat ons teen U gesondig het; <sup>9</sup> by my Heer, ons God, is daar ontferming en vergifnis.

---

\*9:3 Neh 1:4

<sup>8</sup>9:3 **op die kop:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel. As 'n teken van rou en verootmoediging is growwe klere van swart bokhaar aangetrek en is stof op die kop gestrooi.

\*9:4-19 Vgl Neh 1:5-11; Jer 14:7,20; Bar 1:15-22

\*9:4 Deut 7:9; Esra 10:1; Neh 9:3

\*9:5 1 Kon 8:47; Ps 106:6; Klaagl 3:42

\*9:6,10 2 Kron 24:19; Jer 25:4; Op 10:7; 11:18

\*9:7-9 Esra 9:6-8; Neh 9:33; Ps 130:4; Jer 3:25; 14:20; Dan 9:18

Omdat ons teen Hom in opstand was <sup>10</sup> en nie geluister het na die stem van die HERE ons God, deur sy wette te volg wat Hy aan ons voorgehou het deur sy diensknegte, die profete nie; <sup>11</sup> \* en omdat die hele Israel u wet oortree en afgewyk het deur nie te luister na u stem nie, het die vloek en die eed wat geskryf staan in die Wet van Moses, die dienaar van God, teen ons losgebreek. Ja, ons het teen Hom gesondig, <sup>12</sup> \* en Hy het sy woorde gestand gedoen wat Hy gespreek het oor ons en ons rigters wat ons moes rig, deur 'n groot onheil oor ons te bring — iets wat onder die ganse hemel nog nie gebeur het, soos daar wel in Jerusalem gebeur het nie. <sup>13</sup> \* Soos daar geskryf staan in die Wet van Moses, het al hierdie onheil oor ons gekom, maar ons het die guns van die HERE ons God nie gesoek deur van ons sondeskuld weg te draai en ag te slaan op u waarheid<sup>h</sup> nie. <sup>14</sup> \* Die HERE het met die onheil gereed gestaan, en het dit oor ons gebring. Die HERE ons God is immers regverdig in alles wat Hy doen. Maar ons het nie na sy stem geluister nie.

<sup>15</sup> “\*En nou, my Heer, ons God, U wat u volk uit Egipteland uitgelei het met 'n sterk hand en vir U 'n naam gemaak het soos dit vandag is — ons het gesondig, ons is skuldig. <sup>16</sup> \* My Heer, laat, in ooreenstemming met al u weldade, u toorn en woede asseblief wegdraai van u stad Jerusalem, u heilige berg. Want dit is deur ons sonde en die sondeskuld van ons voorouers dat Jerusalem en u volk 'n bespotting geword het vir almal

---

\***9:11** Lev 26:14-43; Deut 28:15-68

\***9:12** Jer 44:2-6; Klaagl 2:13

\***9:13** Jes 9:12; Jer 2:30; 5:3

<sup>h</sup>**9:13 u waarheid:** Dit verwys na gedeeltes uit die boek Deuteronomium; vgl Deut 28:1-68.

\***9:14** Jer 1:12; Dan 9:7

\***9:15** Deut 6:21; Jer 32:20-21; Bar 2:11-15

\***9:16** Ps 31:2; 79:4; Jer 14:20; Klaagl 2:15-16

om ons. <sup>17</sup> \*Daarom, ons God, luister na die gebed van u dienskneg en na sy smeekbede, en laat, ter wille van my Heer, u aangesig skyn oor u heiligdom, wat verwoes lê. <sup>18</sup> \*Draai u oor, my God, en hoor! Maak u oë oop en sien ons verwoeste plekke raak en ook die stad waaroor u Naam uitgeroep is! Want nie op grond van ons regverdige dae lê ons ons smeekbede voor u nie, maar op grond van u oorvloedige barmhartigheid. <sup>19</sup> My Heer, hoor tog! My Heer, vergewe tog! My Heer, gee tog aandag en tree op! Moenie talm nie, om u eie ontwil, my God, want u Naam is uitgeroep oor u stad en u volk.”

<sup>20</sup> Terwyl ek nog besig was om te praat en te bid, om my sonde en die sonde van my volk Israel te bely, en om my smeekgebed vir die heilige berg van my God voor die HERE, my God, te lê, <sup>21</sup> \*ja, terwyl ek nog praat in die gebed teen die tyd van die aandoffer, het die man Gabriël wat ek, heeltemal uitgeput, in die visioen aan die begin gesien het,<sup>i</sup> my aangeraak. <sup>22</sup> Hy het verduidelik, met my gepraat en gesê: “Daniël, ek het nou uitgegaan om jou tot insig te bring. <sup>23</sup> \*Aan die begin van jou smeekgebed het daar 'n woord uitgegaan, en ek het self gekom om dit te verklaar, want jy is baie geliefd. Verstaan die woord en kry insig in die openbaring:

<sup>24</sup> “\*Sewentig weke<sup>j</sup> is bepaal  
oor jou volk en jou heilige stad:

---

\*9:17 Num 6:25

\*9:18 2 Kon 19:16; Ps 79:9-10; Jes 37:17

\*9:21 Dan 8:16; Luk 1:19,26

<sup>i</sup>9:21 **Gabriël ... gesien het:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks en dit word ook vertaal: “Gabriël, in vinnige vlug, vir wie ek in die visioen aan die begin gesien het”.

\*9:23 Dan 10:11,19; Matt 24:15

\*9:24 Lev 25:8; 26:18,21,34; 2 Kron 36:21; Jes 53:10-11; Hand 10:43; Heb 9:12

<sup>j</sup>9:24 **weke:** Dit verwys na periodes van sewe tydseenhede, weke of jare.

om die daad van opstand  
tot 'n einde te bring,  
om sondes die volle maat  
te laat bereik,  
om sondeskuld te versoen,  
en ewige geregtigheid te bring,  
om visioen en profeet te bekragtig,  
en om wat besonder heilig is,  
te salf.

<sup>25</sup> “\* Jy moet weet en verstaan: Vandat 'n woord uitgegaan het om Jerusalem te herstel en op te bou, tot met die koms van 'n gesalfde, 'n leier, sal sewe weke verloop. Twee-en-sestig weke lank sal die stad weer opgebou word, met pleine en gragte, maar dit sal tye van verdrukking wees. <sup>26</sup> \* Ná twee-en-sestig weke sal die gesalfde uitgewis word, en daar sal vir hom niks oorbly nie. En wat die stad en die heiligdom betref: Die volk van 'n leier wat kom, sal dit verwoes, maar sy einde sal deur 'n vloed wees. Tot die einde sal daar oorlog wees; verwoesting is vooruitbepaal. <sup>27</sup> \* En hy sal vir een week 'n bindende ooreenkoms aangaan met die menigtes. In die middel van die week sal hy die

---

\***9:25** Esra 1:1-4; Neh 4:7-8,16-18; 6:15; Jes 45:1; Matt 1:17; Joh 1:41; 4:25

\***9:26** Jes 53:8; Dan 11:22; Nah 1:8; Matt 24:2; Luk 19:43-44; 21:23-24; 1 Pet 2:21

\***9:27** Jes 10:22-23; Dan 11:31; 12:11; Matt 24:15; Mark 3:14

slagoffer en •graanoffer laat ophou, en by die vlerk<sup>k</sup> van verfoeilike afgodsbeelde sal daar een wees wat verwoes,<sup>1</sup> totdat finale vernietiging en wat vooruitbepaal is, oor die verwoester losbars.”

## 10

### Verdere visioene

<sup>1</sup> \*In die derde regeringsjaar van Kores, die koning van die Perse, is 'n woord geopenbaar aan Daniël, wat Beltsasar genoem is. Die woord is betroubaar en gaan oor 'n groot stryd. Hy het die woord verstaan en insig gekry in die openbaring.

<sup>2</sup> “\*In daardie dae het ek, Daniël, drie volle weke getreur. <sup>3</sup> Aangename kos het ek nie geëet nie, en vleis en wyn het by my mond nie gekom nie. Ek het my glad nie gesalf nie, totdat drie volle weke verby was.

<sup>4</sup> Op die vier-en-twintigste dag van die eerste maand was ek by die oewer van die groot rivier, dit is die Hiddekel.<sup>m</sup> <sup>5</sup> \*Toe ek opkyk, sien ek, kyk, daar is 'n man geklee in linne, en sy heupe is omgord met goud van

---

<sup>k</sup>**9:27 by die vlerk:** 'n Weergawe van die •Septuagint lui: “op die tempel”; 'n ander weergawe lui: “op die borswering”. Een van die titels van •Baäl was ‘heer van die vlerk’.

<sup>l</sup>**9:27 verfoeilike ... verwoes:** Daar is onsekerheid oor die vertaling van die bronteks. Die teks verwys na die altaar vir Zeus wat •Antiochus IV bo-op die altaar in die tempel van Jerusalem laat bou het. Die Septuagint lui: “sal die gruwel van verwoesting wees”; vgl Matt 24:15; Mark 13:14.

\***10:1** Dan 1:7,21; 6:28

\***10:2-3** Esra 9:4-5; Neh 1:4

<sup>m</sup>**10:4 Hiddekel:** Die Tigris; vgl Gen 2:14.

\***10:5** Eseg 9:2; Dan 12:6; Op 1:13

Ufas.<sup>n 6</sup> \*Sy liggaam was soos turkoois<sup>o</sup> en sy gesig het gelyk soos weerlig, terwyl sy oë soos fakkels van vuur was, en sy arms en voete soos gepoleerde brons geskitter het. Die geluid van sy woorde was soos die geluid van 'n menigte. <sup>7</sup> \*Ek, Daniël, het alleen die verskyning gesien; die manne wat saam met my was, het nie die verskyning gesien nie. Groot vrees het hulle egter oorval, en hulle het gevlug om weg te kruip. <sup>8</sup> \*Ek het alleen agtergebly en het hierdie groot verskyning gesien. Daar was geen krag in my oor nie, en my gelaatskleur het verander na doodsbleek. Ek kon nie my kragte herwin nie. <sup>9</sup> Ek het die geluid van sy woorde gehoor, en toe ek die geluid van sy woorde hoor, was ek in 'n beswyming, met my gesig teen die grond. <sup>10</sup> Kyk, 'n hand het my aangeraak en my geskud tot ek op my knieë en handpalms was. <sup>11</sup> \*Toe sê hy vir my: “Daniël, baie geliefde man, kry insig in die woorde wat ek met jou praat en staan op jou plek, want ek is nou na jou gestuur.” En terwyl hy hierdie woorde met my praat, het ek bewend opgestaan. <sup>12</sup> \*Hy sê toe vir my: “Moenie bang wees nie, Daniël, want vanaf die eerste dag wat jy jou hart daarop gerig het om insig te kry en jou voor jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor. En ek het gekom op grond van jou woorde. <sup>13</sup> \*Maar die vors<sup>p</sup> van die koninkryk van Persië het my een-en-twintig dae lank teengestaan. Maar kyk, Migael, een van

---

<sup>n</sup>**10:5 Ufas:** Sommige Hebreeuse mss lui: “Ofir”.

\***10:6** Eseg 1:13-14; Op 1:14-15; 2:18; 19:12

<sup>o</sup>**10:6 turkoois:** Daar is onsekerheid oor die kleur en eiening van hierdie halfedelstene; •Edelstene.

\***10:7** 2 Kon 6:17-20; Hand 9:7; 22:9

\***10:8-10** Dan 8:17-18

\***10:11** Eseg 2:2; Dan 9:23; 10:19

\***10:12,19** Jes 41:10,14; Jer 30:10; Op 1:17

\***10:13,21** Dan 12:1; Sag 3:1; Jud vs 9; Op 12:7

<sup>p</sup>**10:13 vors:** Hier 'n soort beskermengel; vgl Dan 12:1.

die belangrikste vorste, het my te hulp gekom, en ek was oorbodig daar by die konings van Persië. <sup>14</sup> \*Ek het toe gekom om jou insig te laat kry oor wat met jou volk sal gebeur aan die einde van die dae, want die visioen geld weer vir die toekoms.”

<sup>15</sup> \*Terwyl hy in dié trant met my praat, het ek my gesig na die grond gerig en stom geword. <sup>16</sup> \*Kyk, toe het een met dieselfde voorkoms as mensekinders my lippe aangeraak. Daarna het ek my mond oopgemaak, gepraat en vir hom wat voor my staan, gesê: “My heer, as gevolg van die verskyning het 'n lamheid my oorweldig, en ek kon nie my kragte herwin nie. <sup>17</sup> Hoe kon hierdie dienskneg van my heer dan met hierdie heer van my praat? En ek — van nou af bly daar geen krag oor in my nie; geen asem is meer oor in my nie.”

<sup>18</sup> Die een wat soos 'n mens gelyk het, het my weer aangeraak en my weer krag gegee. <sup>19</sup> Hy het gesê: “Moenie bang wees nie, baie geliefde man! Vrede vir jou. Wees sterk, ja, wees sterk!”

Terwyl hy met my praat, het ek sterk geword en gesê: “My heer kan maar praat, want u het my versterk.”

<sup>20</sup> \*Hy sê toe: “Weet jy waarom ek na jou gekom het? Ek moet weldra terugkeer om te veg teen die vors van Persië. En wanneer ek daar uitkom, kyk, dan kom die vors van Jawan.<sup>q</sup> <sup>21</sup> \*Ek sal jou egter inlig oor wat opgeteken is in die geskrif van die waarheid, al is daar nie een wat my kragdadig ondersteun teen hierdie vorste nie, behalwe julle vors Migael.

---

\*10:14 Dan 2:28; 8:26; 9:22

\*10:15 Eseg 3:26; 24:27; Luk 1:20

\*10:16-18 Jes 6:1-5,7; Jer 1:9; Dan 8:15-18

\*10:20 Dan 8:21; 10:13; 11:2

<sup>q</sup>10:20 Jawan: Griekeland.

\*10:21 Dan 10:13



# 11

<sup>1</sup> “\*Wat my betref, in die eerste regeringsjaar van Darius, die Mediër, het ek vasgestaan as 'n ondersteuner, as 'n vesting vir hom. <sup>2</sup> \*En nou deel ek jou die waarheid mee: Kyk, nog drie konings gaan opstaan vir Persië. Die vierde sal groter rykdom byeenbring as al die ander. En wanneer hy deur sy rykdom sterk word, sal hy almal aanhits teen die koninkryk van Jawan.<sup>r</sup> <sup>3</sup> \*Dan sal 'n heldhaftige koning<sup>s</sup> opstaan. Hy sal met baie mag heers en doen wat hy wil. <sup>4</sup> Maar hy sal pas 'n staanplek hê, dan sal sy koninkryk opgebreek en verdeel word in die vier windstreke van die hemel. Dit sal nie aan sy nakomelinge behoort nie, en dit sal nie wees soos die magsgebied waaroor hy geheers het nie, want sy koninkryk sal opgebreek word en, met uitsluiting van sy nageslag, aan ander behoort.

<sup>5</sup> “Die koning van die Suide sal sterk word, maar een van sy aanvoerders sal die oorhand oor hom kry en dan heers. Sy heerskappy sal 'n heerskappy met baie mag wees. <sup>6</sup> \*Ná verloop van jare sal hulle 'n bondgenootskap sluit, en die koning van die Suide se dogter sal na die koning van die Noorde<sup>t</sup> kom om die ooreenkoms te bekragtig.<sup>u</sup> Maar sy

---

\*11:1 Dan 6:1; 9:1

\*11:2 Dan 8:21,26; 10:20-21

<sup>r</sup>11:2 **Jawan:** Griekeland.

\*11:3-4 Dan 8:4-8,21-22

<sup>s</sup>11:3 **heldhaftige koning:** Dit verwys na •Alexander die Grote wat in 336 vC 'n gebied van Turkye tot Indië onderwerp het.

\*11:6 Dan 2:43

<sup>t</sup>11:6 **Suide ... Noorde:** Die uitdrukkings “koning van die Suide” en “koning van die Noorde” verwys onderskeidelik na heersers in die gebiede suid en noord van Palestina, naamlik Egipte en Sirië-Mesopotamië.

<sup>u</sup>11:6 **ooreenkoms te bekragtig:** Letterlik ‘om gelyk paaie te maak’. Dit verwys na 'n diplomatieke huwelik.

sal nie die militêre mag<sup>v</sup> behou nie. Die koning van die Suide se<sup>w</sup> mag sal ook nie standhou nie. Sy sal in dié tyd oorgelewer word — sy en haar gevolg, sowel as hy wat haar verwek het, en hy wat haar ondersteun<sup>x</sup> het. <sup>7</sup> Dan sal een van die spruite uit haar wortels in sy plek opstaan. Hy sal teen die leër optrek en die vesting van die koning van die Noorde binnedring, teen hulle oorlog maak en die oorhand kry. <sup>8</sup> Ook hulle gode met hulle gegote beelde en hulle kosbare voorwerpe — silwer en goud — sal hy wegvoer na Egipte; en jare lank sal hy die koning van die Noorde met rus laat. <sup>9</sup> Dié sal dan die koninkryk van die koning van die Suide binneval, maar hy sal na sy land terugkeer. <sup>10</sup> “Sy seuns sal vir oorlog gereedmaak en 'n menigte groot leërs byeenbring. Dié menigte<sup>y</sup> sal die land<sup>z</sup> binneval; hulle sal binneval, instroom en oorstroom, dan terugval, en daarna deurdring tot by sy vesting. <sup>11</sup> Die koning van die Suide sal briesend kwaad wees. Hy sal uittrek en teen hom, die koning van die Noorde, veg. Dié sal weer 'n groot menigte op die been bring, maar die menigte sal in sy teenstander se<sup>aa</sup> hand oorgegee word. <sup>12</sup> Wanneer die menigte uit die weg geruim is, sal die koning van die Suide<sup>bb</sup> verwaand raak<sup>cc</sup> en tienduisende

---

<sup>v</sup>**11:6 militêre mag:** Die Hebreuse idioom kan vertaal word: “krag van die voorarm”.

<sup>w</sup>**11:6 Die koning ... se:** Die •bronteks lui: “sy”.

<sup>x</sup>**11:6 haar ondersteun:** Dit verwys na haar man.

<sup>y</sup>**11:10 Dié menigte:** Die bronteks lui: “hy”.

<sup>z</sup>**11:10 die land:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

<sup>aa</sup>**11:11 teenstander se:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

<sup>bb</sup>**11:12 koning ... Suide:** Die bronteks lui: “hy”.

<sup>cc</sup>**11:12 verwaand raak:** Die Hebreuse idioom kan vertaal word: “sy hart sal hom verhef”.

neerwerp, maar nie sterk bly nie.

<sup>13</sup> “Dan sal die koning van die Noorde terugkeer en 'n menigte op die been bring, meer as die eerste keer. Ná verloop van tyd, ná jare, sal hy beslis kom met 'n groot leër en met baie toerusting. <sup>14</sup> In daardie tydperke sal baie in opstand kom teen die koning van die Suide. Die gewelddadiges van jou volk sal hulle laat geld om 'n visioen te verwerklik, maar hulle sal tot 'n val kom. <sup>15</sup> Die koning van die Noorde sal kom, 'n beleëringswal ophoop en 'n versterkte stad inneem. Die magte van die Suide sal nie standhou nie, ook nie die keurtroepe nie, en daar sal geen krag meer wees om weerstand te bied nie. <sup>16</sup> Hy wat teen die Suide<sup>dd</sup> optrek, sal doen net wat hy wil, en niemand sal voor hom standhou nie. Hy sal hom vestig in die land van die Sieraad<sup>ee</sup> en volslae vernietiging sal in sy hand wees. <sup>17</sup> Hy sal hom voorberei<sup>ff</sup> om met die volle mag van sy koninkryk te kom, maar sal tog 'n ooreenkoms aangaan en 'n dogter van een van sy vroue aan die koning van die Suide gee om die koninkryk te vernietig.<sup>gg</sup> Maar dit sal nie slaag nie, en dit sal nie tot sy voordeel strek nie. <sup>18</sup> Dan sal hy sy aandag vestig op die eilande<sup>hh</sup> en baie daarvan inneem,<sup>ii</sup> maar 'n veldheer sal sy

---

<sup>dd</sup>**11:16 die Suide:** Die bronteks lui: “hom”.

<sup>ee</sup>**11:16 land ... Sieraad:** Dit is die land Israel.

<sup>ff</sup>**11:17 hom voorberei:** Letterlik ‘sy gesig (daarop) rig’.

<sup>gg</sup>**11:17 dogter ... vernietig:** Letterlik ‘die dogter van vroue aan hom gee om dit te vernietig’. •Antiohus III het in 197 vC vrede gesluit met Egipte en sy dogter Cleopatra laat trou met •Ptolemeus V.

<sup>hh</sup>**11:18 eilande:** Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

<sup>ii</sup>**11:18 aandag ... inneem:** Dit verwys na eilande en die kuslande van die Middellandse See. Antiohus III het •Macedonië, Thrake en Griekeland probeer binneval.

onbeskaamdheid vir hom tot 'n einde bring; sy onbeskaamdheid sal hy hom vergeld.<sup>jj</sup> <sup>19</sup> Daarna sal die koning van die Noorde<sup>kk</sup> draai teen die vestings in sy eie land, maar hy sal tot 'n val kom. Hy sal val en nie meer gevind word nie.

<sup>20</sup> <sup>ll</sup> In sy plek sal iemand opstaan wat 'n belastinggaarder rondstuur om die koninklike weelde in stand te hou; maar binne enkele dae sal hy verpletter word, egter nie deur toorn of deur oorlog nie.

<sup>21</sup> \* Dan sal 'n veragtelike persoon<sup>mmm</sup> in sy plek opstaan aan wie die mense geen koninklike waardigheid toegeken het nie. Hy sal onverhoeds kom en op 'n slinkse wyse die koningskap in besit kry. <sup>22</sup> Die instromende magte sal voor hom weggespoel en verpletter word, selfs die leier van die verbond.<sup>nn</sup> <sup>23</sup> Nadat 'n bondgenootskap met hom aangegaan is, sal hy bedrog pleeg; so sal hy met min mense opgang maak en sterk word. <sup>24</sup> Hy sal onverwags in die ryk dele van 'n provinsie ingaan en doen wat sy vaders en grootvaders nie gedoen het nie: Buit, geroofde goed en besittings sal hy vir hulle uitdeel. Teen versterkte stede sal hy sy planne beraam, maar net vir 'n tyd lank.

<sup>25</sup> “Hy sal krag en moed bymekaarskraap om met 'n groot leër teen die

---

<sup>jj</sup>**11:18 sy onbeskaamdheid sal ... vergeld:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

<sup>kk</sup>**11:19 die koning ... Noorde:** Die bronteks lui: “hy”.

<sup>ll</sup>**11:20** •Seleukus IV het Antioqus III opgevolg. Hy moes baie oorlogsbelasting betaal aan die Romeine en is vermoor, waarskynlik met medewerking van sy jonger broer Antioqus IV; vgl 2 Mak 3:1-40 .

\* **11:21** Vgl Dan 8:9-12,23-25

<sup>mmm</sup>**11:21 veragtelike persoon:** Antioqus IV, 175-164 vC.

<sup>nn</sup>**11:22 leier ... verbond:** Waarskynlik die hoëpriester Onias III, wat om politieke redes vervang is deur Jason; vgl 2 Mak 4.

koning van die Suide op te trek.<sup>oo</sup> Die koning van die Suide sal gereedmaak vir die geveg met 'n groot en besonder sterk leër; maar hy sal nie staande bly nie, want hulle sal planne teen hom beraam.<sup>26</sup> Hulle wat van sy kos eet, sal hom breek; sy leër sal oorweldig word, en baie gewondes sal val.<sup>27</sup> En die twee konings,<sup>pp</sup> hulle albei, sal kwaad beplan in hulle harte, en terwyl hulle aan dieselfde tafel is, mekaar belieg. Maar dit sal nie slaag nie, want die einde sal eers op die vasgestelde tyd wees.<sup>28</sup> \*Die koning van die Noorde<sup>qq</sup> sal terugkeer na sy land met baie besittings, maar sy hart sal teen die heilige verbond<sup>rr</sup> gerig wees. So sal hy optree en terugkeer na sy land.

<sup>29</sup> “\*Op die vasgestelde tyd sal hy weer na die Suide gaan, maar dit sal die tweede keer nie wees soos die eerste keer nie.<sup>30</sup> Skepe van die Kittiers<sup>ss</sup> sal teen hom opruk, en hy sal bang word. Hy sal omdraai en 'n vervloeking uitspreek teen die heilige verbond, en dienooreenkomstig optree.<sup>tt</sup> Hy sal terugkeer en aandag gee aan hulle wat die heilige verbond versaak het.<sup>31</sup> \*Strydmagte deur hom byeengebring, sal opstaan en die heiligdom, die vesting, ontheilig, die gereelde offer afskaf en die

---

<sup>oo</sup>**11:25 op te trek:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

<sup>pp</sup>**11:27 twee konings:** Antiogus IV en die koning van die Suide, Ptolemeus VI, wat deur Antiogus gevange geneem is.

\***11:28** 1 Mak 1:16-28; 2 Mak 5:12-21

<sup>qq</sup>**11:28 Die koning ... Noorde:** Die bronteks lui: “hy”.

<sup>rr</sup>**11:28 heilige verbond:** Die Jode wat getrou was aan die verbond met God.

\***11:29** 1 Mak 1:29-64

<sup>ss</sup>**11:30 die Kittiers:** Die Kittiers kom uit die suide van Ciprus; dit was Romeinse skepe uit Ciprus.

<sup>tt</sup>**11:30 vervloeking ... optree:** Daar was 'n Joodse opstand in Jerusalem; vgl 2 Mak 5:5-23.

\***11:31** Dan 9:27; 12:11; 1 Mak 1:37,45-46,54,59; 2 Mak 6:1-6; Matt 24:15; Mark 13:14

verfoeilike afgodsbeeld wat verwoesting veroorsaak,<sup>uu</sup> oprig. <sup>32</sup> \*Dié wat skuldig staan teenoor die verbond, sal hy met slinkse woorde afvallig maak; maar die volk wat hulle God ken, sal hulle krag toon en optree.

<sup>33</sup> \*Die verstandiges onder die volk sal baie tot insig bring, maar hulle sal struikel deur die swaard en vlamme, deur gevangenskap en plundering, vir 'n tyd lank. <sup>34</sup> \*Terwyl hulle struikel, sal hulle 'n klein bietjie hulp ontvang, maar baie sal slinks by hulle aansluit. <sup>35</sup> \*Sommige van die verstandiges sal struikel. Dit is om hulle te louter, uit te sif en te suiwer tot die eindtyd; want dit sal steeds op die vasgestelde tyd wees.

<sup>36</sup> “\*Die koning sal doen wat hy wil. Hy sal homself verhef en hom groot waan teen elke god; en teen die God van die gode sal hy verstommende dinge kwytraak. Hy sal voorspoedig wees totdat die vervloeking tot 'n einde kom, want dit is vooruitbepaal; dit sal uitgevoer word. <sup>37</sup> \*Op die gode van sy voorouers sal hy geen ag slaan<sup>vv</sup> nie; op die geliefde van vroue<sup>ww</sup> of op enige ander god sal hy nie ag slaan nie, want bo hulle almal sal hy hom groot waan. <sup>38</sup> In plaas van aan hulle, sal hy aan die

---

<sup>uu</sup>**11:31 verfoeilike ... veroorsaak:** Die •Septuagint lui: “verwoestende gruwel”; vgl Dan 9:27; Matt 24:15; Mark 13:14 (gruwel van verwoesting).

\***11:32** Miga 5:7-9; Sag 9:13-16; 1 Mak 1:62-63; 2 Mak 6:19; 7:1

\***11:33** Dan 12:3,10; Mal 2:7; 2 Mak 6:18 — 7:41; Wys 5:4; Matt 24:9; Joh 16:2; Heb 11:32-38

\***11:34** Dan 11:14,21,32; 1 Mak 2:1 — 4:61; 2 Mak 2:21; Matt 7:15; Luk 1:54; Hand 20:29-30

\***11:35** Dan 12:10; Sag 13:9; 2 Mak 6:12; Wys 5:4; Joh 15:2; 1 Pet 1:7; Op 7:14

\***11:36** Dan 7:25; 1 Mak 1:24; 2 Thess 2:3-4; Op 13:5-6

\***11:37** Dan 8:11; 1 Kor 8:5-6

<sup>vv</sup>**11:37 Op die ... slaan:** Antiochus het •Apollo vervang met •Zeus.

<sup>ww</sup>**11:37 geliefde van vroue:** Dit verwys waarskynlik na •Tammus, 'n vrugbaarheidsgod wat eeue lank in die Ou Nabye Ooste vereer is; vgl Eseg 8:14.

god van vestings<sup>xx</sup> eer bewys. Aan die god wat sy voorouers nie geken het nie, sal hy eer bewys met goud, silwer, edelstene en ander kosbaarhede. <sup>39</sup> Hy sal optree teen versterkte vestings met die hulp van 'n vreemde god. Wie aan hom erkenning gee,<sup>yy</sup> sal hy oorlaai met eerbewyse. Hy sal hulle laat heers oor baie, en grond uitdeel as beloning.

<sup>40</sup> “\*Maar in die eindtyd sal die koning van die Suide met hom kragte meet, en die koning van die Noorde sal hom bestorm met strydwaens, perderuiters en baie skepe. Hy sal lande binneval, instroom en oorstroom. <sup>41</sup> \*Hy sal die land van die Sieraad binneval, en baie sal val. Maar die volgende sal vrykom uit sy hand: Edom, Moab en die belangrikstes van die Ammoniete. <sup>42</sup> Hy sal sy hand uitstrek teen lande. Vir Egipteland sal daar nie wegkomkans wees nie. <sup>43</sup> \*Hy sal beheer hê oor die skatte van goud en silwer, ja, oor al die kosbaarhede van Egipte, terwyl Libiërs en Kussiete<sup>zz</sup> sy gevolg sal wees. <sup>44</sup> Gerugte uit die ooste en noorde sal hom verskrik, en hy sal met groot woede uittrek om baie te verdelg en aan vernietiging oor te gee. <sup>45</sup> \*Hy sal sy koninklike tente opslaan tussen die see<sup>a</sup> en die berg van die heilige Sieraad, maar hy sal aan sy einde kom, en daar sal geen helper vir hom wees nie.

---

<sup>xx</sup>**11:38 god van vestings:** Die Griekse god ‘Zeus Olimpus’, wat in Latyn genoem is Jupiter Capitolinus; dit is ‘Jupiter van die Vesting’.

<sup>yy</sup>**11:39 erkenning gee:** Antiogus het homself as goddelik beskou.

\* **11:40** Jer 4:13; Dan 11:10-11,35

\* **11:41** Dan 11:16; Matt 24:10

\* **11:43** Eseg 30:4

<sup>zz</sup>**11:43 Kussiete:** Inwoners van Kus, die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Ethiopië.

\* **11:45** Jes 27:13; Dan 7:11,26-27; 9:16,20; 2 Thess 2:8; Op 19:20

<sup>a</sup>**11:45 die see:** Die •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui: “seë”.

# 12

<sup>1</sup> “\*En in dié tyd  
sal Migael opstaan,  
die groot vors,  
wat die mense van jou volk  
bystaan.

Dit sal 'n tyd van verdrukking wees,  
soos daar nog nie was  
sedert 'n nasie ontstaan het,  
en tot in hierdie tyd nie.

Maar in hierdie tyd  
sal jou volk gered word,  
elkeen wie se naam<sup>b</sup>  
gevind word waar dit  
in die •boekrol opgeskryf is.

<sup>2</sup> \*Baie van hulle wat slaap  
in die stof van die aarde,<sup>cd</sup>  
sal wakker word —  
sommige vir die ewige lewe,  
en ander tot skande,  
tot ewige afsku.

---

\*12:1 Ps 69:28; Dan 10:13; Matt 24:21; Mark 13:19; Fil 4:3; Op 3:5; 7:14; 12:7

<sup>b</sup>12:1 naam: Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\*12:2 Gen 3:19; Job 19:26; Jes 26:19; 66:24; 2 Mak 7:9; Wys 2:23 — 3:8; Matt 25:46; Joh 5:28-29; Hand 24:15; Op 20:12-13

<sup>c</sup>12:2 slaap ... aarde: 'n Metafoor vir die dood.

<sup>d</sup>12:2 stof ... aarde: Die •Septuagint en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui: “die land van stof”.



<sup>3</sup>\*Die verstandiges sal skyn  
soos die glans  
van die hemelkoepel,  
en hulle wat baie gelei het  
tot regverdige optrede,  
sal skyn soos die sterre —  
vir ewig en altyd.

<sup>4</sup>\*En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boekrol tot die tyd van die einde. Baie sal rondswerf, sodat die kennis kan vermeerder.”

<sup>5</sup>\*Ek, Daniël, het gesien: Kyk, daar staan twee ander, een aan hierdie kant op die wal van die stroom, en een aan daardie kant op die wal van die stroom. <sup>6</sup>Die een sê toe vir die man geklee in linne wat aan die bokant van die stroom water was: “Hoe lank nog voor die einde van die verstommende gebeure aanbreek?” <sup>7</sup>\*Ek hoor toe die man geklee in linne wat aan die bokant van die stroom water was, sê, terwyl hy sy regter- en sy linkerhand ophef na die hemele en sweer by die Ewig Lewende: “Dit is vir 'n vasgestelde tyd, tye en 'n halwe tyd.<sup>e</sup> Sodra die verbrysing van die mag van die heilige volk tot 'n einde kom, sal al hierdie dinge ophou.”

<sup>8</sup>Ek het dit self gehoor, maar nie verstaan nie. Toe vra ek: “My heer,

---

\*12:3 Spr 4:18; Dan 11:33,35; Matt 13:43

\*12:4 Dan 8:26; 12:9; Op 10:4; 22:10

\*12:5-6 Dan 8:13,16; Matt 24:3; Mark 13:3-4

\*12:7 Dan 7:25; 8:19,24; Sir 18:1; Op 10:5-6; 12:14

<sup>e</sup>12:7 tyd, tye ... tyd: Dit verwys na die 3½ (1 + 2 + ½) jaar wat na aanleiding van Antiochus IV Epifanes se teistering van Israel in 167-164 vC, simbolies toegepas word op die tyd van vervolging van die kerk; vgl Dan 7:25; Op 12:6.

wat is die uiteinde hiervan?”<sup>9</sup> \*Daarop het hy geantwoord: “Gaan, Daniël! Want die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde.<sup>10</sup> \*Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word, maar goddeloses sal goddeloos optree. Geeneen van die goddeloses sal verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan.<sup>11</sup> \*Vanaf die tyd dat die gereelde offer afgeskaf word, en vanaf die oprigting van 'n verfoeilike afgodsbeeld wat verwoesting veroorsaak, sal 'n duisend tweehonderd-en-negentig dae verloop.<sup>12</sup> \*Gelukkig is hy wat geduldig wag en duisend driehonderd vyf-en-dertig dae bereik.<sup>13</sup> \*En jy, gaan voort tot die einde! Jy sal rus en daarna opstaan vir jou bestemming aan die einde van die dae.”

---

\***12:9** Jes 29:11; Dan 12:4,13; Op 10:4

\***12:10** Dan 11:35; Op 22:11

\***12:11** Dan 9:27; 11:31; Matt 24:15; Mark 13:14

\***12:12** Jes 30:18; Dan 8:14; Jak 5:11

\***12:13** Jes 57:2; Matt 10:22; 24:13; Op 2:26; 14:13